# SEKERE ASPEKTE VAN DWELMMISBRUIK ONDER JEUGDIGES IN DIE KAAPSE SKIEREILAND MET VERWYSING NA DIE VOORKOMENDE ROL VAN SANRA EN DIE GEAFFILIEERDE DWELM AKSIE KOMITEES

Corrie Hendrien Swart

Promotor: Francois Theron

Voorgelê ter vervulling van die gedeeltelike vereistes van die Meestersgraad in Kliniese Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Kaapstad

Oktober 1987

The University of Cape Town has been given the right to reproduce this thesis in whole or in part. Copyright is held by the author.

The copyright of this thesis vests in the author. No quotation from it or information derived from it is to be published without full acknowledgement of the source. The thesis is to be used for private study or non-commercial research purposes only.

Published by the University of Cape Town (UCT) in terms of the non-exclusive license granted to UCT by the author.

University of Cape Town

Ek erken met dank die finansiële ondersteuning van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

INHOUDSOPGAWE

| | | Bladsy |
|---|---|---|
| 1. | INLEIDING | 1 |
| 1.1 | Doel van die studie | 1 |
| 1.2 | Motivering tot die ondersoek | 2 |
| 1.3 | Metodes van ondersoek | 4 |
| 1.4 | Grense van die ondersoek | 5 |
| 1.5 | Faktore wat die ondersoek bemoeilik/vergemaklik het | 7 |
| 1.6 | Terminologie | 8 |
| 1.7 | Tydperk van studie | 12 |
| 1.8 | Aanbieding | 12 |
| 2. | SEKERE OORSAKE VAN DWELMMISBRUIK | 14 |
| 2.1 | Inleiding | 14 |
| 2.2 | Die mens se verhouding tot self | 16 |
| 2.3 | Die mens se verhouding tot ander | 20 |
| 2.4 | Die mens se verhouding tot sy omgewing | 26 |
| 2.5 | Die ontwikkelingsproses van adolessensie | 30 |
| 2.6 | Samevatting | 34 |
| 3. | DIE VOORKOMS VAN DIE DWELMPROBLEEM, MET VERWYSING NA DIE PROBLEEM IN DIE KAAPSE SKIEREILAND | 36 |
| 3.1 | Inleiding | 36 |
| 3.2 | Die probleem van dwelmmisbruik in Amerika | 36 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.3 | Die ontwikkeling van die dwelmprobleem in Suid-Afrika | 41 |
| 3.4 | Die dwelmprobleem in die Kaapse Skiereiland | 51 |
| 3.5 | Samevatting | 66 |
| 4. | SANRA SE ROL TEN OPSIGTE VAN DWELMMISBRUIK-VOORKOMING IN DIE KAAPSE SKIEREILAND | 67 |
| 4.1 | Inleiding | 67 |
| 4.2 | Doelstellings van die organisasie | 67 |
| 4.3 | Werkswyse | 69 |
| 4.4 | Die historiese konteks van moderne dwelmopvoeding en voorkomende programme | 70 |
| 4.5 | SANRA se benadering | 73 |
| 4.6 | SANRA en die dwelmaksies | 85 |
| 4.7 | Samevatting | 86 |
| 5. | DIE DWELM AKSIE KOMITEES | 87 |
| 5.1 | Inleiding | 87 |
| 5.2 | Die ontstaan en ontwikkeling van die Dwelm Aksie Komitees in die Kaapse Skiereiland | 88 |
| 5.3 | Affiliasie by SANRA | 96 |
| 5.4 | Werksaamhede van die Komitees | 98 |
| 6. | SAMEVATTING | 101 |

7. AANBEVELINGS 103

8. BRONNELYS 114

## UITTREKSEL

ʼn Literatuurstudie is onderneem om die redes vir dwelmmisbruik onder jeugdiges na te vors. Dit blyk dat daar nie ʼn eenvoudige verklaring is vir die verskynsel nie en dat vele faktore ʼn rol speel. Hierdie faktore is verder in wisselwerking met mekaar.

Daar word toenemend aandag gegee aan die voorkoms van die probleem onder jeugdiges. SANRA en die geaffilieerde Dwelm Aksie Komitees lewer insette ten opsigte van primêre- en sekondêre voorkoming.

Navorsing ten opsigte van die voorkoms van die probleem is nodig op plaaslike, sowel as nasionale vlak. Dwelmmisbruik is ʼn verskynsel wat nie oor nag ontwikkel het nie en langtermyn gekoördineerde voorkomingspogings is nodig om dit effektief te bekamp.

## HOOFSTUK 1

# 1. INLEIDING

## 1.1 Doel van die studie

Hierdie studie stel dit ten doel om sekere aspekte van dwelmmisbruik na te speur. Die etiologie van die probleem sal bespreek word. Die voorkoms van dwelmmisbruik onder die jeug, veral ten opsigte van die Kaapse Skiereiland, sal aandag ontvang. Gepubliseerde-, ongepubliseerde werke en statistiek sal gebruik word om die erns van die probleem toe te lig. Daar sal kortliks verwys word na stappe vanaf owerheidsweë om die verskynsel die hoof te bied. 'n Verdere doelstelling van die studie is om die behoefte aan navorsing op plaaslike en nasionale vlak, te illustreer.

Aandag sal geskenk word aan die voorkomende rol wat SANRA en die dwelm aksie komitees speel in die voorkoming van die probleem in die Kaapse Skiereiland. Die belangrikheid en aard van primêre en sekondêre voorkoming in die veld van dwelmmisbruik, sal bespreek word.

Laastens sal daar aanbevelings gemaak word om sodoende 'n bydrae te maak in die veld van primêre en sekondêre voorkoming. Daar word gehoop dat die probleem in die toekoms toenemend meer effektief bekamp en hanteer sal word.

## 1.2 Motivering tot die ondersoek

Die voorkoms van dwelmmisbruik onder die jeug is 'n aktuele onderwerp en dit raak die breë publiek op alle vlakke.

Leke sowel as kundiges spekuleer en redeneer oor die aard en omvang van die probleem in die breë Suid-Afrikaanse konteks, maar ook ten opsigte van die voorkoms in spesifieke areas. Die skrywer is van mening dat dit 'n sensitiewe onderwerp is en dat die publiek enersyds blootgestel word aan sensasionele berig-gewing en doemprofete, en andersyds word hul gesus deur sommige oningeligte gemeenskapsleiers wat die probleem ten alle koste probeer verklein en ontken.

Toenemend word daar vanaf die helpende professies druk uitgeoefen op die staat en plaaslike owerhede om 'n meer effektiewe bydrae te lewer. Vanaf owerheidsweë word daar weer gefokus op desentrali-sasie en privatisering. Daar word verwag dat gemeenskappe meer betrokke moet raak by die oplossing van hul eie behoeftes en probleme. Dit is juis in hierdie stadium van ontwikkeling dat die spreekwoord: "tussen die hand en die mond val die pap op die grond", bewaarheid word. Daar is 'n gebrek aan koördinering ten opsigte van navorsing, primêre en sekondêre voorkomingsprogramme en die algemene beplanning van voorkomingsaksies en -projekte. Die gevolg hiervan is dat daar oorvleueling en uitsluiting van dienste en navorsing is.

Die navorser glo dat die probleem op nasionale en plaaslike vlak hanteer moet word. Die probleem is egter dat daar slegs effektief beplan kan word, op makro- en mikrovlakke, indien daar 'n meer omvattende bepaling gedoen kan word na die omvang van dwelmmisbruik onder die algemene publiek en spesifiek dan ook onder die jeug. Hierdie inligting is van kardinale belang wanneer dit gaan om programbeplanning, die effektiewe bereiking van 'n teikengroep en die motivering van 'n gemeenskap en die staat tot groter betrokkenheid.

Navorsing ten opsigte van spesifieke geografiese areas behoort aangemoedig te word. Dit sal daartoe lei dat 'n meer realistiese bepaling van die omvang van dwelmmisbruik gedoen kan word en programbeplanning van organisasies soos SANRA, beter sal aansluit by die behoeftes en probleme van 'n spesifieke teikengroep. Die Suid-Afrikaanse konteks is uniek, gemeenskappe en groepe binne 'n gegewe samelewing se behoeftes en probleme is dikwels wyd uiteenlopend.

Faktore wat tot bogenoemde aanleiding gee, is onder meer: sosio-ekonomies, kultureel, etnisiteit, godsdiens, vlak van ontwikkeling en geografiese area.

Juis omdat daar geen kitsoplossing is nie, behoort die verskynsel van dwelmmisbruik wetenskaplik en sistematies bestudeer en hanteer te word.

Die skrywer is tans self betrokke in gemeenskapswerk en ervaar dat die gebrek aan basiese inligting 'n belemmerende faktor is wanneer daar gemotiveer word vir programme, gemeenskapsbetrokkenheid, behandelingsfasiliteite ensovoorts. 'n Evaluering van inligting wat reeds beskikbaar is ten opsigte van die voorkoms van dwelmgebruik en redes wat aangevoer word vir dwelmgebruik/misbruik; was dus 'n logiese beginpunt.

## 1.3 Metodes van ondersoek

Literatuur in verband met dwelmgebruik/misbruik is nagegaan. Interne sowel as eksterne faktore wat 'n rol speel by die verskynsel, is ondersoek.

Hierna is 'n beperkte literatuurstudie gedoen om die ontwikkeling van die dwelmprobleem in Suid-Afrika te volg, sodat 'n idee gevorm kan word ten opsigte van die aard en voorkoms van dwelmmisbruik onder die jeug. Resente plaaslike inligting is hierna ingesamel en verwerk om sodoende 'n idee te vorm van tendense in die Kaapse Skiereiland.

Die ontstaan, ontwikkeling en funksionering van dwelmaksie groepe in sekere gemeenskappe is nagegaan. In die proses van insameling van inligting is onderhoude gevoer met leiers in die veld van die bekamping van dwelmmisbruik. (Sien primêre bronne in bibliografie).

Vervolgens is daar gefokus op die rol en werksaamhede van die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme en Dwelmafhanklikheid (Wes-Kaapland se Vereniging). Hierdie geregistreerde welsynsorganisasie is voltyds besig met opvoeding en skoling ter voorkoming van die dwelmprobleem in die gemeenskap.

Na aanleiding van die studie is sekere gevolgtrekkings gemaak en hierdie inligting is saamgevat in 'n finale verslag.

## 1.4 Grense van die ondersoek

Hierdie studie is afgebaken tot die voorkoms van dwelmgebruik, met verwysing na die geografiese area, die Kaapse Skiereiland. Die dienslewering van SANRA (Wes-Kaaplandse Vereniging) word bespreek. Daar is wel verskille ten opsigte van die aard en omvang van dienslewering tussen die verskillende SANRA verenigings. In die tweede plek kan daar genoem word dat dwelmgebruik die fokus was. Alhoewel etiel alkohol ook 'n dwelm is, is dié middel by hierdie studie uitgesluit. Alkohol is 'n wettige middel en die gemeenskap sanksie die gebruik van dié dwelmmiddel. Die redes vir gebruik van alkohol kan dus heelwat verskil van die redes waarom onwettige middels gebruik word.

In die derde plek is daar gepoog om die studie af te baken tot skoolgaande en naskoolse jongmense.

In die vierde plek het dit gegaan om die voorkoms van die probleem en nie om indiwidue wat reeds 'n afhanklikheidsprobleem het nie. Hierdie onderskeid is belangrik aangesien dit in hierdie studie gaan om primêre- en sekondêre voorkoming. Daar moet dus gelet word dat Die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasie-sentrums, 1971 (Wet 41 van 1971) net kortliks bespreek word, aangesien dit verband hou met tersiêre voorkoming.

Vyfdens kan daar op gelet word dat daar nie gefokus word op alle veranderlikes wat 'n rol speel in die voorkoms van dwelmmisbruik nie. Die verband tussen veranderlikes soos geslag, ouderdom, opleiding, taal, ras ensovoorts, word dus nie volledig bespreek nie.

Heelwat materiaal is beskikbaar oor die dwelmprobleem in Suid-Afrika en oorsee, maar die fokus is eng gehou om sodoende die behoefte aan basiese navorsing insake die voorkoms van die probleem uit te lig. Die fokus was deurentyds plaaslik. Die skrywer het nie gepoog om alle relevante studies in Suid-Afrika na te speur nie. Een van die redes is omdat dit onbekend is hoeveel onafhanklike studies geloods word. Sekere skole laat wel instansies/indiwidue toe om inligting in te samel, maar die resultate is gewoonlik konfidensieël en ongepubliseerd. Ander studies fokus weer op geselekteerde groepe, byvoorbeeld mediese studente (Levin, 1983) en veralgemenings is dus moeilik om te maak ten opsigte van die breë publiek. Daar is hoofsaaklik

gebruik gemaak van amptelike verslae, omdat dit veronderstel is om 'n meer betroubare weergawe te gee ten opsigte van die nasionale konteks.

Ten laaste - die doel van die studie was nie om vergelykings tussen studies te tref nie, daarvoor beskik ons nog oor te min materiaal. Waar dit wel moontlik was, is daar egter gepoog om die inligting te vergelyk.

## 1.5 Faktore wat die ondersoek bemoeilik/vergemaklik het

Een van die grootste probleme wat ondervind is, was die feit dat daar nog min navorsing gedoen is om die omvang van die probleem te bepaal. Verslae van rade en komitees wat belang het by dié probleem, is dus gebruik. Navorsing wat wel beskikbaar is, ondersoek verskillende veranderlikes en gewoonlik was daar soveel faktore wat 'n rol kon gespeel het, dat afleidings moeilik was om te maak - veral as die doel van die studie nie was om die omvang te bepaal nie. Die meeste afleidings wat wel gemaak is, moet dus nog verder getoets word.

Een van die positiewe faktore is die feit dat die veld van dwelmvoorkoming toenemend die aandag van kundiges en die publiek ontvang. Goeie samewerking is veral verkry vanaf persone wat betrokke is in die veld en diegene wie hul verbind het tot die bekamping van die probleem. Daar is ook 'n opgewondenheid oor die toenemende gemeenskapsbetrokkenheid.

Alhoewel daar kommer is as gevolg van die gebrek aan die nodige fondse, is daar ook hoop omdat hierdie veld besig is om vinnig te ontwikkel en daar soveel persone is wat van hul tyd, kragte en finansies opoffer, om sodoende in die behoeftes te voorsien.

## 1.6 Terminologie

In hierdie afdeling word daar gefokus op terme wat in die verslag gebruik sal word. Die omskrywing van die terminologie sal die leser help ten opsigte van die agtergrond, waarteen die waardegebruik in hierdie verslag gesien moet word.

### Dwelmmisbruik/Dwelmgebruik

Dit blyk uit die literatuur dat die omskrywing van sekere terme problemties is. In die algemeen stem skrywers saam dat die term dwelmmisbruik ŉ emosioneel gelaaide woord is, wat in ŉ groot mate ŉ morele oordeel reflekteer (Gould 1973: 92, 93; Fuqua 1978: 6-9; Van der Burgh: 1983; Goldberg en Meyers 1980: 148-152; Swisher 1973: 148). Misbruik impliseer immers "verkeerde gebruik".

Fuqua (1978: 8) is van mening dat geen enkele definisie van dwelmmisbruik, almal tevrede sal stel nie. (Gould 1973: 92) noem dan ook dat dit selfs moontlik is om enige dwelmgebruik, as misbruik te interpreteer. Die skrywer noem egter ook dat so ŉ beperkte siening tans weinig waarde het in ons dwelm-georiënteerde kultuur. Beide (Fuqua 1978: 8) en (Gould 1973: 92)

verwys na die feit dat die dominante groep/kultuur in ŉ gegewe samelewing, die standaard stel in terme van wat aanvaarbare dwelmgebruik is, al dan nie. Dit is dus duidelik dat ons nie hier te make het met ŉ statiese konsep nie. Wat as misbruik deur een groep/gemeenskap gesien word, kan deur ŉ ander as normale gebruik geïnterpreteer word.

Gould (1973: 93) is van mening dat dwelmmisbruik ter sprake is wanneer ŉ persoon se normale funksionering negatief beïnvloed word deur sy dwelmgebruik. Fuqua (1978: 8) en Swisher (1973: 148) verwys na die negatiewe gevolge wat ter sprake moet wees, voordat daar van dwelmmisbruik gepraat kan word bv. ŉ nadelige uitwerking op die persoon se fisiese- en geestesgesondheid sy ontwikkeling, sosiale funksionering ens. In hierdie definisies val die klem dus op die gevolge van die persoon se dwelmgebruik eerder as die aard en hoeveelheid van gebruik. Hierdie tipe omskrywing is algemeen en sluit dus ŉ groot gedeelte van algemene dwelmgebruik en selfs - misbruik uit. Die skrywer van hierdie verslag is van mening dat daar verder ŉ groot mate van oorvleueling blyk te wees tussen bogenoemde definisies, en die definisie wat handel oor dwelmafhanklikheid, soos omskryf in Die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasie-sentrums, 1971 (Wet 41 van 1971: 31). Dwelmmisbruik kom natuurlik voor in dwelmafhanklikheid, maar oorvleueling in die omskrywing dra by tot verwarring.

Goldberg en (Meyers 1980: 151) verwys na die klassifikasie in terme van dwelmgebruik-gedrag, wat saamgestel is deur "The National Commission on Marihuana and Drug Abuse".

Die vyf kategorieë wat onderskei word, kan elk potensieël die indiwidu se funksionering belemmer:

- Eksperimentele dwelmgebruik sluit korttermyn gebruik, sonder ŉ vasgestelde patroon van gebruik in. Die motivering vir gebruik is primêr uit nuuskierigheid en/of ŉ behoefte aan ŉ veranderde gemoedstoestand.
- Die gebruik van dwelms vir ontspanning vind gewoonlik in ŉ sosiale konteks plaas, tussen vriende of kenisse wat behoefte het om ŉ aanvaarbare en genotvolle ervaring te deel. Gewoonlik geskied hierdie tipe dwelmgebruik op ŉ vrywillige basis, volgens ŉ spesifieke patroon, maar daar vind nie ŉ toename in die intensiteit van gebruik plaas nie.
- Omstandigheids-gebonde gebruik van dwelms vind gewoonlik plaas wanneer die gebruiker van mening is dat die middel bydra tot ŉ verhoogde of verbeterde funksionering, ten opsigte van ŉ spesifieke probleem of situasie.
- Intensiewe dwelmgebruik verwys na daaglikse gebruik met die doel om verligting te verkry en/of ŉ sekere vlak van funksionering te handhaaf.
- Kompulsiewe dwelmgebruik kom voor wanneer daar ŉ spesifieke gedragspatroon en ŉ hoë intensiteit van dwelmgebruik

plaasvind. Afhanklikheid word waargeneem, soos in die geval van kroniese alkoholisme, heroïen afhanklikheid ens.

Bogenoemde indeling maak dus vir ŉ breër spektrum van dwelmgebruik voorsiening.

Vir die doel van hierdie studie sal dwelmafhanklikheid/kompulsiewe dwelmgebruik uitgesluit word.

Bloot weens funksionele redes sal die terme dwelmgebruik/dwelmmisbruik afwisselend gebruik word. Daar word dus geensins geïmpliseer dat ŉ onderskeid tussen dié terme onmoontlik is nie.

Goldberg en Meyers, (1980: 149) maak daarvan melding dat die publiek dikwels die term onwettige dwelms direk in verband bring, met dwelmmisbruik. Dwelmmisbruik word dus as sinoniem met onwettige dwelmgebruik gesien. Hierdie mite is ŉ voorbeeld van onkunde en die dubbele standaarde wat in die gemeenskap gehandhaaf word. Wettige sowel as onwettige dwelms kan misbruik word. Vir die doel van hierdie studie word oor-die-toonbank middels, voorgeskrewe- en ontwettige middels ingesluit. Daar is egter meer literatuur beskikbaar in verband met onwettige middels (bv. dagga en Mandrax) as in die geval van wettige dwelms.

Aangesien hierdie studie fokus op primêre- en sekondêre voorkoming, sal dwelmmisbruik gesien word as:

- die gebruik van enige onwettige dwelm
- die doelbewuste verkeerde gebruik van oor-die-toonbank of voorgeskrewe middels. Onder verkeerde gebruik sal verstaan word:

Die gebruik van medikasie sonder die nodige mediese toesig, die doelbewuste gebruik van hoër dosisse as wat voorgeskryf is en die gebruik van middels om ander redes as waarvoor hul voorgeskryf/beskikbaar gestel is; byvoorbeeld om ŉ gemoedsverandering of ŉ ervaring te beleef.

1.7 Tydperk van studie

Daar is op ŉ deeltydse basis aan die studie gewerk, vanaf Junie 1985. Die navorsing vorm deel uit van die gedeeltelike vereistes van die Meestersgraad in Kliniese Maatskaplike Werk, aan die Universiteit van Kaapstad.

1.8 Aanbieding

Hoofstuk twee word gewei aan die etiologie van dwelmmisbruik onder die jeug.

In hoofstuk drie word daar gefokus op die ontwikkeling van die dwelmprobleem in Suid-Afrika en spesifieke aandag word gegee aan die voorkoms in die Kaapse Skiereiland.

In hoofstuk vier word daar aandag gegee aan die doelstellings en werksaamhede van die geregistreerde welsynsorganisasie: SANRA. Die voorkomende rol wat hierdie organisasie speel ten opsigte van dwelmmisbruik, sal ook bespreek word.

Hoofstuk vyf fokus op die dwelm aksie komitees, wat ŉ resente ontwikkeling in die Kaapse Skiereiland is.

In die laaste hoofstuk word daar ŉ bydrae gelewer tot die bekamping van die dwelmmisbruik. Aanbevelings word gedoen op grond van die inligting wat ingesamel is.

## HOOFSTUK 2

## 2. SEKERE OORSAKE VAN DWELMMISBRUIK

### 2.1 Inleiding

Dit blyk dat vele dissiplines betrokke is in die veld van dwelmmisbruik. Lettieri (1985: 10,11) verwys dan ook na die kompleksiteit wanneer pogings aangewend word om onderskeid te tref tussen modelle en teorië ten opsigte van die verklarings van dwelmmisbruik. Hy spreek die hoop uit dat daar beweeg sal word na ŉ algemene, multidissiplinêre, geïntegreerde teorie van dwelmgebruik en -misbruik.

Tans is daar egter ŉ wye spektrum van verklarings en die ordening van hierdie gegewens skep probleme. Sekere skrywers (soos Fuqua 1978: 18-22) gebruik ŉ algemene en breë indeling van redes vir dwelmmisbruik (bv. interne en eksterne faktore wat ŉ rol speel). Lettieri (1985: 12-19) bespreek in meer detaille die verskillende teoretiese funderings, byvoorbeeld: die psigoanalitiese teorie, sielkundige en persoonlikheidsteorieë, sosiaal sielkundige en sosiologiese teorieë en biomediese teorieë. Die probleem van laasgenoemde indeling is egter dat die skrywer die fokus geplaas het op die redes waarom mense afhanklik raak van dwelms. Afhanklikheid val egter buite die spektrum van hierdie studie. Lettieri (1985: 12, 13) noem dat elke teorie ŉ primêre fokuspunt het. Hierdie fokus kan wees (a) die mens se verhouding tot self,

(b) die mens se verhouding tot ander, (c) die mens se verhouding tot die gemeenskap en (d) die mens se verhouding tot die natuur.

Lettieri (1985: 13) noem dat wanneer daar veralgemeen word, die volgende afleidings gemaak kan word:

(a) Teorieë wat handel oor die mens se verhouding tot self, het veral ontstaan uit die dissiplines van psigiatrie en sielkunde.

(b) Teorieë wat fokus op die mens se verhouding met ander, het hoofsaaklik ontwikkel uit die sosiale sielkunde.

(c) Teorieë wat handel oor die mens se verhouding tot die gemeenskap, het veral ontwikkel uit die sosiologie.

(d) Teorieë wat handel oor die mens se verhouding tot die natuur het weer hoofsaaklik ontwikkel uit die biomediese-, biologiese-, genetiese- en die neurowetenskaplike dissiplines.

Vir die doel van hierdie studie sal Lettieri (1985: 12, 1)3 se afdelings (a) tot (c) gebruik word. Die faktore wat korreleer met die mens se verhouding met die natuur word uitgesluit, aangesien dit hoofsaaklik verband hou met die verskynsel van verslawing. In plaas van bogenoemde sal 'n laaste afdeling (d) gewei word aan faktore wat verband hou met die ontwikkeling van die adolessent.

## 2.2 Die mens se verhouding tot self

### 2.2.1 Intelligensie

Skrywers soos Plant (1980: 246), Cockett (1971: 141) en Mott (1972: 89-99) gee aandag aan die verband al dan nie tussen intelligensie en dwelmmisbruik. Daar bestaan die aanname dat dwelmmisbruikers 'n gemiddelde of selfs bo-gemiddelde intelligensie het. Mott (1972: 89-99) onderskryf dan ook hierdie aanname.

Cockett (1971: 141) noem dat hy in sy studie gevind het dat daar meer intelligente persone onder die dwelmmisbruikers was as by die kontrolegroep. Daar was egter nie 'n substantiewe korrelasie tussen die vlak van intelligensie en die mate van dwelmmisbruik nie. Die skrywer stel dit dan ook duidelik dat verstandelike vermoëns min of geen korrelasie toon met die geneigdheid tot betrokkenheid by dwelmmisbruik nie.

Plant (1980: 246) is van mening dat die positiewe korrelasie wat wel in studies verkry is, tussen intelligensie en dwelmmisbruik, waarskynlik eerder verband hou met veranderlikes soos sosiale status en opvoedingsvlak.

### 2.2.2 Psigiatriese en persoonlikheidsfaktore

Cockett (1971: 141) noem dat abnormale psigiatriese toestande algemeen voorkom onder dwelmafhanklikes. In die meeste gevalle is

die psigiatriese toestand 'n gevolg van dwelmmisbruik en nie die aanleidende oorsaak nie. Die skrywer verwys ook na die voorkoms van tydelike (korttermyn) psigiatriese toestande wat direk verband hou met die inname van sekere (spesifieke) dwelms.

Plant (1980: 246) verwys na die feit dat dwelmafhanklikes dikwels psigiatries siek is en dat gegewens selfs daarop dui dat hierdie abnormaliteite teenwoordig kan wees voordat dwelmmisbruik in aanvang geneem het. Hy noem egter dat meeste van die studies, byvoorbeeld Lane (1976: 12-15), gebruik gemaak het van retrospektiewe data-insameling en verslae vanaf die dwelmmisbruikers self. Daar moet in gedagte gehou word dat die selfpersepsie van die dwelmmisbruiker subjektief is en dus bevooroordeeld en misleidend kan wees. Ten laaste noem die skrywer ook dat daar in gedagte gehou moet word dat beide die psigiatriese siekte, sowel as die dwelmmisbruik, deur 'n ander faktor veroorsaak kon word.

Cockett (1971: 141 ) het in hul studie gevind dat daar onder die dwelmmisbruikers 'n hoër voorkoms van neurotiese en psigiatriese simptome was, in vergelyking met die kontrolegroep. Die kondisies wat veral na vore gekom het was: angstigheid, depressie en hipokondria. Die skrywer kom dan tot die volgende gevolgtrekking:

> Our results thus indicate that what has elsewhere been found about drug addicts is also true of drug-takers of less than addicted degree and applies progressively up the drug abuse scale.

Die skrywer van hierdie verslag is van mening dat simptome van angstigheid, depressie en hipokondria dikwels voorkom by beide groepe; dwelmafhanklikes en dwelmmisbruikers. Ervaring het egter geleer dat hierdie simptome in die meeste gevalle verdwyn, na 'n periode van plus-minus ses weke van soberheid. Indien die toestande wel voortduur, kan dit 'n aanduiding wees dat die pasiënt steeds middels gebruik en/of dat daar wel 'n onderliggende psigiatriese siekte teenwoordig kan wees.

Cockett (1971: 142) bespreek sekere algemene persoonlikheidskenmerke van dwelmmiddelmisbruikers:

1) Dwelmmisbruikers is gewoonlik eerlik ten opsigte van selfevaluering en is nie geneigd om hulself in 'n positiewe lig te plaas nie.
2) Neurotiese dwelmmisbruikers is geneigd om betrokke te raak by dwelmmisbruik en wanneer dit gebeur, raak die introvertiese persone dieper betrokke by die verskynsel.
3) Dwelmmisbruikers toon gewoonlik 'n hoë mate van kritiek teenoor hulself. Alhoewel hul meer geneigd is tot paranoiëse gedagtes, is hul in die algemeen nie krities teenoor persone wat nie dwelms gebruik nie.
4) Dwemmisbruikers is definitief meer suspiseus en teruggetrokke in vergelyking met nie-gebruikers. Hulle is geneigd om emosioneel meer gespanne te wees en toon gewoonlik 'n meer radikale, of anders gestel, 'n minder konserwatiewe temperament. Verder toon dwelmmisbruikers 'n

swak ontwikkelde selfwaardering, deursettingsvermoë, wilskrag en is minder effektief ten opsigte van sosiale aanpassing en leierskap.

Cockett (1971: 141) het verder ŉ assosiasie gevind tussen dwelmmisbruik en psigopatie. Merton en Nisbet (1976: 164) is van mening dat daar ŉ hoër voorkoms van psigopatie onder jong dwelmmisbruikers is as onder diegene wat nie dwelms gebruik nie. Plant (1980: 246) en Fuqua (1978: 21) noem beide dat navorsing in die algemeen toon dat dwelmmisbruikers persone is wat onvolwasse en ontoereikende persoonlikhede het Fuqua (1978: 21) noem verder dat baie dwelmmisbruikers essensieel hedonisties is - hulle soek genotvolle ervarings en onmiddellike bevreidging. Plant (1980: 246) spreek egter die mening uit dat die meeste studies wat die korrelasie tussen dwelmmisbruik en persoonlikheidsfaktore ondersoek het, gebruik gemaak het van subjektiewe toetse en dat slegs ŉ beperkte aantal respondente betrek is.

Rutter en Hersov (1979: 632) verwys ook na die probleme ten opsigte van navorsing in die veld van dwelmmisbruik en psigiatriese/persoonlikheidsfaktore.

> There is not a large amount of consistency in tests employed or in significant findings, either within or across drugs... If one simply lists some of the correlates with drug use found recently by different researchers in various populations, the results are quite contradicting (<u>Sic</u>).

Bogenoemde skrywers is dan van mening dat persoonlikheidsfaktore wat korreleer met dwelmmisbruik ook in 'n groot mate in verband gebring moet word met die speisifieke populasie en die spesifieke meetinstrumente, wat deur 'n gegewe navorser gebruik is.

## 2.3 Die mens se verhouding tot ander

In hierdie afdeling sal daar gefokus word op die rol wat die ouerhuis en die portuurgroep speel, in terme van dwelmmisbruik.

### 2.3.1 Die ouerhuis

Daar word algemeen aanvaar dat dwelmmisbruik korreleer met gesinsverbrokkeling. Sekere studies kon dan ook hierdie positiewe verband bevestig om maar net 'n paar te noem: Van der Burgh (1975: 47); Dennehy (1966: 1049-69); Anumonye en McClure (1970: 25-33), en Light (1975: 57). Ander navorsers het egter geen korrelasie gevind nie, byvoorbeeld Alarcon en Rathod (1968: 549-53) en Cockett (1971: 138). Dit blyk ook nie asof Plant (1980: 248) oortuig is van 'n positiewe korrelasie nie, maar hy noem dat daar wel aanduidings is wat toon dat daar 'n positiewe korrelasie is tussen dwelmmisbruikers in institusies en verbrokkelde gesinsverhoudings. Hierdie afleiding is dan ook vir die skrywer logies, aangesien jong persone in inrigtings dikwels juis verwyder is uit hul ouerhuise, weens huislike probleme. Daar kan natuurlik ook 'n saak uitgemaak word dat alhoewel heelwat jong

persone uit verbrokkelde huise kom, slegs ŉ beperkte persentasie by dwelmmisbruik betrokke raak.

Cockett (1971: 138) het gevind dat die enigste veanderlike wat positief korreleer het met dwelmmisbruik, was disharmonie tussen die ouers. Daar is meer dwelmmisbruikers as nie-gebruikers wat uit huise kom waar die ouerpare in disharmonie leef. Bogenoemde skrywer het verder gevind dat daar ŉ assosiasie was tussen dwelmmisbruik en ŉ swak verhouding met die vader-figuur. Dwelmmisbruikers was verder ook meer emosioneel verbonde aan hul moeders. Hierdie verbondenheid met die moeder het progressief toegeneem soos wat die indiwidu meer betrokke geraak het by dwelmmisbruik. Die skrywer noem dat dié tendens nie noodwendig gesien moet word as ŉ aanleidende oorsaak nie, maar dat dit waarskynlik eerder verband hou met kompensasiegedrag vanaf die moeder en/of die dwelmmisbruiker.

Light (1975: 62) het egter die teenoorgestelde gevind; naamlik dat die dwelmmisbruikers amper almal ŉ swak verhouding met hul moeders gehad het en dat die moeders min fisiese of verbale toegeneentheid teenoor die kinders betoon. Die respondente wat nie dwelms gebruik het nie, het nie bogenoemde patroon van moeder-kind verhouding getoon nie.

Light (1975: 58) noem verder dat sy gevind het dat die dwelmgebruikers meer persoonlike kritiek van hul ouers verduur

het as die nie-gebruikers. Persoonlike voorkoms was veral 'n kontensieuse onderwerp en heelwat kritiek is hieromtrent ontvang.

Light (75: 70-76) noem verder dat die werk van kindersielkundiges ouers meer bewus gemaak het van die emosionele behoeftes van hul kinders. Hiermee saam het daar egter ook konflik en vrese vir mislukkings by ouers ontstaan. Die sielkundige rewolusie na Freud het ouers bekend gestel aan die groeiende kind se veranderende emosionele behoeftes en dat die ouer-kind verhouding paralel hiermee moes ontwikkel. Wanneer die kind egter adolessensie bereik, het menigte ouer reeds hierdie ideaal prysgegee. Die ouer self ervaar 'n behoefte om aan eie, onderdrukke emosionele behoeftes bevrediging te gee. In 'n poging om hierdie konflik te vermy, ontsnap die jeugdige na sy portuurgroep en ander sien dwelms as 'n oplossing. Die ouer mag in aktiwiteite buite die huis betrokke raak. Light (1975: 70-76) is van mening dat alhoewel die aard van ouerskap heelwat verander het deur die eeue, die doelstellings van ouerskap egter steeds die volgende blyk te wees;

(a) Sosialisering
    Leiding aan die jeugdige om in die samelewing aan te pas; eerstens die suksesvolle aanpassing in die gesin, maar dan ook in die breëre gemeenskap.
(b) Kulturalisering ("culturalisation"). Hierdie konsep handel oor die idees, gevoelens, houdings, hoop en aspirasies wat belangrik is vir die sielkundige oorlewing van 'n gegewe groep.

(c) Beskerming

Die beskerming van die kind wanneer hy jonk en onervare is tot en met die dag wanneer hy op sy eie voete kan staan en self besluite moet neem.

Die dissiplinering van die kind is onafskeidbaar verbonde aan die proses om bogenoemde doelstellings te vervul.

Die skrywer van hierdie verslag is van mening dat dit nie net die kind is wat blootgestel word aan toenemende eise nie. Die ouer word ook dienooreenkomstig onder meer druk geplaas. Die eise en verantwoordelikhede van ouerskap brei uit en daar is min ondersteuning en leiding aan ouers in dié verband. Die voorkoming en opvoeding van die kind ten opsigte van dwelms en dwelmgebruik, is maar net een aspek wat toenemend in die ouerhuis aandag sal moet kry. Indien die oorsake van dwelmmisbruik suksesvol geëlimineer wil word, sal daar dus toenemend aandag gegee moet word aan voorbereiding vir ouerskap, ouerleiding en opvoeding ten opsigte van die dwelmvraagstuk en die bekamping van die probleem.

2.3.2 <u>Portuurgroep</u>

Conger (1977: 325-330) noem dat die portuurgroep ŉ belangrike rol speel in die sielkundige ontwikkeling van die meeste adolessente. Die verhouding met dieselfde- en teenoorgestelde geslag neem ŉ in verhouding toe, soos wat die adolessent voorberei word vir volwassenheid. ŉ Groter mate van onafhanklikheid van ouers

ontwikkel en die afhanklikheid verskuif na die portuurgroep. 'n Verdere faktor wat bydra tot die toenemende belangrikheid van die portuurgroep, is die feit dat die verhouding met gesinslede op hierdie stadium van ontwikkeling, vol konflik is weens die botsende emosies wat die adolessent ervaar. Die ouers vind dit dan ook moeilik om die jeugdige te hanteer weens die verskuiwings in emosies. Sommige ouers onttrek en kan nie die nodige ondersteuning bied nie. Wanneer ouers hierdie fase van ontwikkeling onsuksesvol hanteer, kan die portuurgroep 'n bron van ondersteuning word en die indiwidu kan gehelp word met die sielkundige en fisiese skeiding van die ouerhuis. Die portuurgroep help die adolessent ook in terme van die ontwikkeling van 'n eie identiteit.

Conger (1977: 326) waarsku egter ook dat die verhouding met die portuurgroep ook nadelige gevolge vir die indiwidu kan inhou. Plant (1980: 248) bevestig hierdie siening en noem dat groepsdruk algemeen beskou word as een van die faktore wat aanleiding gee tot aanvanklike dwelmgebruik. Kandel (1985: 157) het dan ook gevind dat die portuur-invloed dominant is in die keuse van huidige lewensstyl, terwyl die ouerlike invloed meer dominant is ten opsigte van basiese waardes en toekomsaspirasies.

Blum en Singer (1983: 13) tref onderskeid tussen verskillende invloede wat die portuurgroep kan hê, in terme van afwykende gedrag by die individu. Ten eerste: die portuurgroep kan sekere norme en standaarde vir gedrag voorskryf en konformiteit ten

opsigte van afwykende gedrag kan vereis word. Ten tweede, groepe kan stimulus verleen en sporadiese afwykende gedrag ondersteun. Hierdie "tydelike" norme en waardes hoef dan nie noodwendig onderskryf te word deur indiwiduele lede van die groep nie en dit geld ook nie as toekomstige norme vir die groep nie.

Plant (1980: 248) huldig ook die mening dat indiwidue wat 'n sterk behoefte het aan gebondenheid, die maklikste deur groepsdruk beïnvloed word om dwelms te gebruik.

Light (1975: 61) het gevind dat dwelmmisbruikers in die algemeen ouer vriende gehad het, terwyl nie-gebruikers meestal vriende van hul eie ouderdom gekies het. Die respondente wat dwelms gebruik het, het almal offers vir dwelms van hul vriende ontvang. In die nie-gebruikers (kontrolegroep) was daar geen offers vir dwelms van vriende ontvang nie. Van der Burgh 1975: 48 kom tot dieselfde gevolgtrekking:

> The evidence provided with regard to the respondents' personal drug use and that of their friends indicated that especially dagga use was a social activity taking place within the context of the peer group and that the use of drugs was to be seen as a rite de passage into drug-using circles or an even a drug subculture. An individual's involvement with drugs increased as the proportion of his friends who used drugs increased. (<u>sic</u>).

## 2.4 Die mens se verhouding tot sy omgewing

Fuqua (1978: 18) noem die volgende ten opsigte van die effek van die omgewing op die mens:

> To some extent we are all products of our environment. From the very day of our birth until the last spark of life has left us, what we do and how we do it is shaped and moulded by the environment in which we exist.

Ons reaksie teenoor dwelms is nie 'n uitsondering nie. Die omgewing speel 'n rol in die keuse wat gemaak word en as dwelms wel gebruik word, het die omgewing 'n bepalende rol ten opsigte van watter middels gebruik word, die wyses waarop dit gebruik word en selfs die effek wat die middel sal hê.

Fuqua (1978: 19) bespreek verder die feit dat ons in 'n dwelm-georiënteerde samelewing leef. In 'n kultuur wat so chemies georiënteerd is, is dit dan ook nie vreemd dat sekere indiwidue sekere onwettige middels byvoeg by die lys van sosiaal aanvaarbare middels nie.

Volgens Plant (1980: 249) en Merton en Nisbet (1976: 159-163); het die toename in dwelmmisbruik onder die jeug in die 1950's, verband gehou met die ontwikkeling van 'n "jeug kultuur". Dwelm-gebruik is verder bevorder deur kult figure, rock sangers en die

sensasionele media. Die misbruik van dwelms het 'n simbool geword van die jeug se opstand teen die ouergeslag se waardes en norme. Die hippie-beweging het dan ook saamgehang met die verwerping van die groter samelewing se waardes. Die meeste dwelmmisbruikers beskryf hulself as radikaal en hul het nie dieselfde godsdienstige oortuigings as hul ouers nie.

Die Study Group on Education and Drug Dependence (1975: 66-69) noem ook dat dwelmgebruik nie meer langer slegs as ontvlugting geïnterpreteer kan word nie. Daar is politieke aktivisme by betrokke. Die jeug voel ontevrede met die samelewing en bogenoemde studiegroep is van mening dat die jeug betrek moet word by die oplossings, want hulle voel:

> The youth are right to resent the unacceptable. Conformity to a society that is going nowhere is spiritual death.

Engelbrecht (1976: 136-137) bespreek ook die verskynsel van normewisseling. Hy is van mening dat normewisseling bydra tot dwelmgebruik en uiteindelike misbruik. Normwisseling word deur massakommunikasie bevorder. Volgens bogenoemde skrywer is daar ook bepaalde wetenskaplike denkrigtings wat die tradisionele Westerse waardes en norme bevraagteken en soms selfs verwerp. Dit is vir bogenoemde skrywer 'n negatiewe tendens. Die spesifieke denkrigtings word egter nie deur die skrywer uitgespel nie.

Volgens Engelbrecht (1976: 136-137) maak die hedendaagse ouer hom ook skuldig aan die verwerping van die konvensionele waardes en word hy dus so deel van die rebellerende massa. As gevolg hiervan kry gesag nie die regmatige plek in opvoeding nie.

Een van die sosiologiese redes wat aangevoer word vir dwelmmisbruik is die gemeenskap se houding teenoor dwelmgebruikers. Dié groep word as apart en anders gesien en dié etiketering het meer afwykende gedrag tot gevolg. Dit veroorsaak 'n kettingreaksie; die gemeenskap se houding word verder negatief beïnvloed en dienooreenkomstig word die dwelmmisbruikers se gedrag meer afwykend.

Plant (1980: 249, 250) noem egter dat alhoewel hierdie teorie help met die verklaring van die selfbeelde van baie dwelmmisbruikers, dit nie bydra tot die verklaring waarom daar in 'n gegewe tyd 'n verhoogde voorkoms van dwelmgebruik (in die wêreld) was nie.

Die skrywer stem verder saam dat die etiketering en kriminalisering van dwelmgebruik, waarskynlik verder bygedra het tot die verdere isolasie en anomie van die dwelmgebruiker.

Volgens Theron (1974: 2) domineer die konsep van vervreemding ("alienation") of anomie, die geskiedenis van sosoiologiese denke. Dit is 'n sentrale tema in klassieke werke van skrywers soos Marx, Weber en Durkheim. Dit is ook die fokus van heelwat kontemporêre werke wat handel oor sosiale probleme (bv. Merton:

1957: 162, Nisbet 1970: 3).

Theron (1974: 2) haal die woorde van Erich Fromm aan wat vervreemding as volg omskryf:

> ... that man does not experience himself as the acting agent in his grasp of the world, but that the world (nature, others, himself) remain alien to him. They stand above and against him as objects, even though they may be objects of his own creation.

Die konsepte van vervreemding en anomie is verwant en dikwels is dit moeilik om 'n onderskeid te tref. Theron (1974: 3) verwys na anomie as 'n kondisie van normloosheid, 'n geestelike en morele vakuum wat in 'n gemeenskap of samelewing ervaar word, veral wanneer die kulturele struktuur aan die vertrokkel is. Ander konsepte wat verband hou met vervreemding en anomie is: magteloosheid ("powerlessness"), doelloosheid ("meaninglessness"), normloosheid en isolasie, Seeman (1959: 783-791).

Wanneer vervreemding en anomie as verklarende faktore vir dwelmmisbruik gebruik word, kom ons egter te staan voor sekere probleme. Volgens Lindesmith en Gagnon (1967: 158-188), impliseer die teorie van anomie dat daar 'n positiewe korrelasie tussen dwelmafhanklikheid en anomie is. Bogenoemde skrywers noem dat die verskynsel van vervreemding en anomie dus reeds voor die

afhanklikheid teenwoordig moet wees. Ons het dus hier te doen met die vraag of anomie/vervreemding aanleidende oorsake of gevolge van dwelmmisbruik is. ŉ Verdere implikasie volgens die skrywers is dat die intensiteit van afhanklikheid dus ook sal wissel afhangende van die graad van anomie/vervreemding wat teenwoordig is.

Plant (1980: 250) is van mening dat alhoewel hierdie teorie dwelmmisbruik koppel aan die samelewing in die algemeen dit nie aandag gee aan spesifieke faktore wat ŉ gemeenskap beïnvloed tot verhoogde dwelmgebruik in ŉ gegewe tyd nie.

Conger (1977: 555-559) bespreek die voorkoms van vervreemding ten opsigte van minderheidsgroepe, die minderbevoorregte jeug, sowel as die voorkoms van vervreemding by die bevoorregte jeug. Dit is duidelik dat hierdie konsepte nie net beperk is tot lae sosio-ekonomiese groepe nie, maar dat dit die totale samelewing raak.

## 2.5 Die ontwikkelingsproses van adolessensie

Baumrind en Moselle (1985: 44-51) noem dat normale ontwikkeling gesien kan word as ŉ proses wat gekenmerk word deur afwisselende periodes van relatiewe equilibrium en disequilibrium. Die kind beweeg deur verskillende transisies, om volwassenheid te bereik. Mitchell (1972: 63-64) onderskei die volgende aspekte:

(a) Biologiese adolessensie - hormonale veranderinge lei geleidelik tot die ontwikkeling van sekondêre geslagsveranderinge. In hierdie tydperk word daar ook 'n nuwe selfbeeld gebou.

(b) Sielkundige adolessensie verwys na die tyd wanneer kinderlike afhanklikheid vervang word met toenemende onafhanklikheid. Persoonlike identiteit ontwikkel nou by die kind. Hierdie soeke na self en die behoefte om êrens te behoort, het dikwels tot gevolg dat 'n individu betrokke raak by ander jongmense wat dwelms gebruik.

(c) Sosiale adolessensie verwys weer na die rolverwisseling wat plaasvind. Die beskermde en bevoorregte rol van kind word verruil vir die uitdagings en pyn van volwassenheid.

Blum en Singer (1983: 9, 10) noem dat dit belangrik is om 'n grondige kennis te hê in verband met die normale ontwikkelingstake van adolessensie. Juis omdat dit so 'n onstuimige periode is, moet daar onderskei word tussen normale en afwykende gedrag. Volgens bogenoemde skrywers sluit die take van adolessensie onder meer die volgende in:

(1) Die ontwikkeling van 'n eie waardesisteem wat riglyne vir gedrag kan bied

(2) Die ontwikkeling van 'n persoonlike identiteit en selfbeeld

(3) Die ontwikkeling van interpersoonlike vaardighede. Hierby word ingesluit: veranderde verhoudings met die portuurgroep, suksesvolle verhoudings met beide geslagte, die skeiding van

ouers en die bereiking van ŉ groter mate van onafhanklikheid, sowel as die verhoudings met ander volwassenes in skool-, werk- en sosiale verband

(4) Die klarifikasie van persoonlike doelstellings en rolle ten opsigte van ŉ beroep, geslag, huwelikstaat en ŉ toekomstige lewensstyl.

Dit is dus belangrike lewenstake wat in hierdie lewensstadium aangepak word, en die adolessent sal ŉ verhoogde mate van interne en eksterne spanning moet hanteer.

Die vraag ontstaan nou, hoe kan dwelmgebruik die adolessent help of anders gestel, waarom is adolessensie juis ŉ verhoogde risiko-periode?

Mitchell (1972: 67-69) gee aan hierdie aspek aandag en noem dat die kalmerende effek van dwelms die oortollige angstigheid verminder, terwyl die stimulerende effek van dwelms weer ŉ verhoogde mate van selfvertroue gee. Dwelmgebruik gee aan die indiwidu ŉ identiteit en hierdeur word hy ook toegelaat tot groepe wat dwelmsgebruik. Die belangrikheid van die portuurgroep het reeds elders in hierdie hoofstuk aandag gekry. Deur die gebruik van dwelms kry die adolessent die geleentheid om sy ouers en die gemeenskap te toets, sowel as om sy onafhanklikheid te verklaar. Ten laaste word daar ook genoem dat dwelmgebruik, veral hallesogene middels, die adolessent help met introspeksie en die ontdekking van nuwe ervarings.

Ten slotte sal die skrywer van hierdie verslag verwys na Erikson (1968: 147) se teorie in verband met dwelmgebruik. In terme van hierdie teorie word daar voorsiening gemaak (a) vir die adolessent se behoefte om deur sy portuurgroep aanvaar te word, (b) om 'n moratorium of tussenfase te bewerkstellig en (c) dwelmgebruik kan verder gesien word as 'n blote soeke na nuwe ervarings. Die moratorium (b), sal in hierdie afdeling verdere aandag ontvang.

Light (1975: 76, 77) noem dat ouers dikwels nie kan verstaan waarom hul kinders dwelms gebruik om te ontvlug nie. Sy noem egter dat daar tradisioneel nog altyd 'n tussenfase vir kinders was 'om hulself te vind'. 'n Oorsese toer, 'n jaar van werk en die weermagopleiding is almal voorbeelde van hierdie 'ontvlugting' wat vir die adolessent geskep is. Erikson (1968: 147) verwys na hierdie verskynsel as 'n psigososiale moratorium:

> A moratorium is a period of delay granted to somebody who is not ready to meet an obligation or forced on somebody who should give himself time. By psycho-social moratorium, then, we mean a delay of adult commitments, and yet it is not only a delay. It is a period that is characterized by selective permissiveness on the part of youth and yet it also often leads to deep, if often transitory, commitment on the part of youth, and ends in more or less ceremonial confirmation of commitment on the part of society.

Erikson is dan ook van mening dat elke samelewing geleenthede skep, wat kongruent is met die samelewing se waardes. Light (1975: 77) noem dat daar toenemend minder geleenthede vir moratoriums is vir die hedendaagse jeug. Dié skrywer is dan van mening dat die jeug besig is om vir hulself hierdie voorregte te skep deur dwelmgebruik. Hul kry die geleentheid om hulself beter te leer ken sodat hul die eise en verantwoordleikhede van adolessensie beter kan hanteer.

## 2.6 Samevatting

Die skrywer van hierdie verslag is van mening dat dit duidelik uit die literatuur (soos in hierdie hoofstuk bespreek) blyk dat daar geen enkele, eenvoudige verklaring vir dwelmmisbruik is nie. Die indiwidu se verhouding met self, met ander, met die gemeenskap en die proses van normale ontwikkeling; blyk almal faktore te wees wat bydra tot die verklaring van dwelmmisbruik.

Daar moet verder nie uit die oog verloor word nie, dat hierdie faktore in wisselwerking met mekaar verkeer. Die indiwidu word byvoorbeeld deur sy omgewing beïnvloed, maar speel self ook 'n rol in die beïnvloeding van sy gemeenskap.

Dit blyk ook dat dit nie altyd maklik is om te onderskei tussen oorsake en gevolge van dwelmmisbruik nie. Dit is verder duidelik

dat dissiplines verskillende teorieë aanhang en dat daar werklik ŉ behoefte aan ŉ meer geïntegreerde multi-dissiplinêre teorie, in verband met dwelmmisbruik bestaan.

## HOOFSTUK 3

## DIE VOORKOMS VAN DIE DWELMPROBLEEM, MET VERWYSING NA DIE PROBLEEM IN DIE KAAPSE SKIEREILAND

### 3.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk sal daar kortliks stilgestaan word by die dwelmprobleem in die Amerikaanse samelewing.

Hierna verskuif die fokus na die ontwikkeling in Suid-Afrika, met verwysing na stappe vanaf owerheidweë om die probleem die hoof te bied.

Laastens sal die fokus verskuif na sekere tendense in die Kaapse Skiereiland.

### 3.2 Die probleem van dwelmmisbruik in Amerika

Dwelmmisbruik is 'n wêreldprobleem. Die Westerse samelewing het veral in die vyftiger en vroeë sestiger jare te kampe gehad met 'n skerp styging in dwelmgebruik. Soos reeds in hoofstuk 2 bespreek, hou dit verband met die ontwikkeling van 'n jeugkultuur, Merton en Nisbet (1976: 156-161), en die hippie-beweging van die sestigerjare. Conger (1977: 569-571).

Dit blyk egter nou dat daar 'n geleidelike houdingsverandering by die publiek teenoor dwelmmisbruik plaasgevind het en dat daar 'n klemverskuiwing is na die belangrikheid van die ontwikkeling en handhawing van 'n gesonde lewensstyl: The National Household Survey on Drug Abuse: 1982 en die Student Drug Use in America, 1975-1982.

Die meeste Amerikaanse studies toon dan nou ook 'n geleidelike afplatting in dwelmgebruik, in vergelyking met die onstuimiger sestigerjare.

Die National Household Survey on Drug Abuse: (1982) is 'n studie wat ongeveer elke drie jaar in Amerika geloods word. 'n Steekproef word gemaak uit die Amerikaanse bevolking, met die doel om die nie-mediese gebruik van wettige en ontwettige dwelmmiddels te bepaal. Die indiwidue wat betrek word by hierdie studies moet twaalf jaar of ouer wees.

Navorsers van die bogenoemde studie het gevind dat in teenstelling met 'n soortgelyke studie in die sewentiger jare, daar 'n geleidelike afplatting waargeneem kon word in die gebruik van marijuana onder die Amerikaanse jeug (12-17 jaar). Daar is verder ook 'n afname gevind in die aantal persone wat ten tye van die studie (1982) marijuana, alkohol en ander dwelmmiddels gebruik het.

Daar was verder 'n afname by die jeug en jong volwasse groepe, ten opsigte van die gebruik van hallesogene middels. Gedurende 1979 het 4 persent van die respondente dié middels gebruik en in 1982 was daar slegs 2 persent.

Gedurende die sewentigerjare het die gebruik van kokaiëne skerp toegeneem. Die 1979- en 1982-resultate toon 'n geleidelike afplatting in gebruik by alle ouderdomsgroepe.

Die gebruik van heroïen toon dieselfde tendense, maar daar word genoem dat die lae persentasies ook toegeskryf kan word aan 'n vrees by respondente om gestigmatiseer te word.

Die resultate van nie-mediese gebruik van psigotropiese dwelms, was as volg: 40 persent van alle jong volwassenes het al ten minste een onwettige middel, anders as marijuana, gebruik en 27 persent van hierdie ouderdomsgroep het in die voorafgaande jaar een of meer van die middels gebruik. Ten opsigte van die ouderdomsgroep 12-17 jaar: 14 persent het al ten minste een van die middels gebruik en 10 persent het dit in die voorafgaande jaar gebruik.

Die <u>High School Senior Survey</u>: (1982) is 'n studie wat bestaan uit 'n Nasionale steekproef vanuit alle hoërskole in Amerika. Die fokus van die studie is die voorkoms van dwelmmisbruik onder die leerlinge en hul houding ten opsigte van dwelmgebruik.

In die bogenoemde studie word daar melding gemaak van die hoë voorkoms van marijuana gebruik onder laerskoolleerlinge in die sewentiger jare. Gedurende 1980/81 is daar vir die eerste keer 'n afname waargeneem.

Gedurende 1978 was die aanduiding dat een uit elke nege hoërskoolleerlinge, dié dwelm op 'n daaglikse basis gebruik het. Die resultate van 1982 was bemoedigend. Slegs een uit elke sestien leerlinge het nou die dwelm daagliks gebruik.

Daar was ook 'n geleidelike afname waar te neem ten opsigte van die gebruik van hallesogene middels.

Daar was ook aanduidings van 'n afname in gebruik van heroin tussen 1975 en 1979. Die afname het gestabiliseer gedurende 1980. Ten spyte van die feit dat heroïen meer geredelik beskikbaar geword het, bly die voorkoms van gebruik stabiel.

Vanaf 1975 tot 1979 het die gebruik van kokaiëne meer as verdubbel. 'n Geleidelike stabilisering is waargeneem tussen 1979 en 1981. Gedurende 1982 was daar vir die eerste keer aanduidings van 'n geleidelike afname ten opsigte van gebruik.

Die gebruik van inhaleermiddels het ook in die sewentigerjare geleidelik toegeneem, maar die voorkoms was laag in vergelyking met ander gewilde middels, soos kokaïene. Gedurende 1980 was

daar ŉ afname in die verbruik van produkte wat amiel en butiel nitrate bevat. Terwyl die gebruik van nitrate ŉ afname getoon het, was daar ŉ egter ŉ toename in die algemene gebruik van inhaleermiddels. Daar is nog nie bepaal watter veranderlikes verantwoordelik was vir dié opwaartse neiging nie.

Die gebruik van stimulante het in alle ouderdomsgroepe redelik onveranderd gebly, tussen 1975 en 1978. ŉ Geleidelike toename is waargeneem in 1979, ŉ verdere toename in 1980 en gedurende 1981 was daar ŉ groot toename in gebruik. Gedurende 1982 is ŉ hersiening gedoen ten opsigte van dié vrae wat handel oor die gebruik van amfetamines en ŉ verdere toename in gebruik is aangetoon.

Daar is ook gevind dat oor-die-toonbank dieëtpille veral deur ŉ hoë persentasie vroulike respondente gebruik is.

Ander studies in Amerika toon dat van 20 tot 40 persent van hoërskool leerlinge alkohol of dwelms misbruik, Rachal et al (1982: 61-75). Braucht (1980: 109-143) het gevind dat 90 tot 95 persent van studente met alkohol of ander dwelms eksperimenteer voordat hul hul senior hoërskool jaar bereik. Kandel (1982: 328-347) het gevind dat ŉ hoë persentasie van jongmense wie ontwettig middels probeer het, gebruikers bly.

Daar is verskeie faktore wat bygedra het tot die veranderde houding onder die Amerikaners. Voorbeelde hiervan is die suksesvolle opsporing en konfiskering van onwettige dwelms (bv. Matakaloon), die hoë prys van sekere dwelms (bv. Kokaïene), die pro-gesondheidsbeweging wat vinnig veld gewen het, die loodsing van effektiewe voorkomingsprogramme en die uitfassering van die effek van die Viëtnam-oorlog. Daar blyk ook ŉ groter besorgdheid te wees oor die gevolge van dwelmmisbruik.

Daar moet melding gemaak word van die feit dat die bekamping van dwelmmisbruik in Amerika ŉ gesamentlike poging is tussen ouers, kinders, onderwysers, kerke en ŉ verskeidenheid van professies en instansies. Die hoë voorkoms van dwelmmisbruik en die nadelige effek wat dit het op die totale samelewing, vereis ŉ gesamentlike poging. Ten spyte van die positiewe tendense, dra die Amerikaanse samelewing steeds die gevolge van die onstuimige sestiger- en sewentigerjare.

## 3.3 Die ontwikkeling van die dwelmprobleem in Suid-Afrika

Ons vind dat daar minimale inligting beskikbaar is ten opsigte van die aard en voorkoms van dwelmmisbruik in die vroeë veertiger-, vyftiger- en sestigerjare in Suid-Afrika.
U word verwys na die werk van Theron (1974).

Die enigste indikasie van die omvang van die probleem is die statistiek van die Suid-Afrikaanse Polisie en die destydse

Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Die realiteit is egter dat slegs 'n klein persentasie persone as gevolg van onwettige aktiwiteite óf afhanklikheid, met hierdie instansies te doen kry. Daar word dus algemeen aanvaar dat inligting wat hierdie instansies kan verskaf, slegs die top van die ysberg verteenwoordig.

Meer inligting is beskikbaar insake die ontwikkeling van die probleem sedert die sewentigerjare. In die verslag van die Departement Welsyn en Pensioene (1970: 4-8) word daar onder meer gefokus op die voorkoms van dagga-gebruik onder die verskillende bevolkingsgroepe. Dit blyk egter dat dwelmmisbruik onder die jeug, die uitsondering, eerder as die reël was op hierdie tydstip.

'n Tweede verslag van belang wat ook in 1970 verskyn het, was die verslag van die Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels, onder die voorsitterskap van Dr J A Grobler.

Bogenoemde komitee het sy werksaamhede beperk tot die Blanke bevolking. Getuienis is ingewin vanuit 'n groot verskeidenheid bronne - bv. persone wat afhanklik is, die polisie, geneeshere wat hul in die studie verdiep het, hoofde van spesiale klinieke, provinsiale skoolopnames en leiers van jeugklubs. Een van die tekortkominge was egter die feit dat feitelike gegewens nie voorgelê kon word nie. Dagga en alkohol was by hierdie ondersoek uitgesluit. Dagga is waarskynlik uitgesluit omdat dit ingesluit

was by die Departement van Volkswelsyn en Pensioene se 1970 verslag.

Die Komitee het tot die slotsom gekom dat middels soos opium en sy derivate, nooit werklik 'n probleem van nasionale omvang was nie.

Die misbruik van sintetiese medisynes, soos susmiddels en amfetamines, was egter aan die toeneem. Hierdie bevinding is in latere jare bevestig en ons het 'n geleidelike toename in die misbruik van laasgenoemde middels gesien.

Uit die getuienis wat aangehoor is, het dit duidelik geword dat die probleem besig was om geleidelik toe te neem onder die jeug. Daar is onder meer verneem dat verdowingsmiddels in sekere nagklubs in Kaapstad bekombaar was en dat sekere geografiese areas (bv. Hillbrow en Durban) meer geteister was as ander gebiede. Die onderwysdepartemente het ook van hul kant te kenne gegee dat hul meer bewus geword het van die probleem in hul midde. So het 'n opname in die Natalse Onderwysdepartement getoon dat daar gedurende 1970, 28 leerlinge betrokke was by dwelmgebruik - of anders gestel - hierdie leerlinge se probleem het bekend geword. Die Transvaalse Onderwysdepartement het 'n meer volledige studie geloods en gevind dat uit die 138 862 leerlinge wat betrek was, 115 verdowingsmiddels gebruik het. Die Vrystaatse Onderwysdepartement het terugvoer gegee dat alhoewel sommige leerlinge middels gebruik het, daar nie ernstige afmetings te bespeur was nie.

Die werkswyses van die verskillende onderwysdepartement blyk onduidelik te wees. Terwyl inligting in Natal bekom is deur kontak met skoolhoofde, het Transvaal gebruik gemaak van ʼn steekproef. Die inligting is dus moeilik vergelykbaar en dit blyk bloot ʼn algemene aanduiding te wees ten opsigte van die omvang van die probleem.

Selfs die konserwatiewe skattings het kommer by die Komitee van Ondersoek na die Misbruik van Verdowingsmiddels (1970: 40) gewek:

> Wat die voorkoms van die probleem by skoliere betref, het die Komitee die indruk gekry dat dit hier nog meer verberg is as by ander ouderdomsgroepe. Die moontlikheid bestaan dus dat die probleem onder skoolkinders aansienlik groter is...

Die slotsom waartoe bogenoemde Komitee gekom het, kan as volg saamgevat word:

> Ten spyte van onvoldoende beskikbare feite is dit duidelik dat die probleem nog soos ʼn ysberg grotendeels verskuil is. Alhoewel dit tans nie as ʼn probleem van nasionale omvang beskou kan word nie, sou dit in ʼn afsienbare tyd so kan ontwikkel.

Die Komitee noem verder dat hul bewus is van die feit dat eksakte syfers oor die omvang van die probleem nie moontlik is nie, maar beveel tog aan dat pogings aangewend moet word sodat 'n meer realistiese idee gevorm kan word ten opsigte van die omvang.

Die skrywer van hierdie studie stem saam met bogenoemde en is van mening dat soortgelyke ondersoeke uitgebrei moet word na ander bevolkingsgroepe. Dié veld van navorsing lê nog braak en geen gestandardiseerde toetse is beskikbaar nie. Eenvormige navorsingsmetodes word benodig op 'n nasionale vlak, sodat daar vergelykings getref kan word tussen studies, betroubare afleidings gemaak kan word ens.

Op 6 Desember 1971 het die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasiesentrums, 1971 (Wet 41 van 1971) in werking getree. Dié wet was 'n direkte uitvloeisel van die werksaamhede van die Grobler-Komitee van 1970.

Bogenoemde Wet maak voorsiening vir 'n Nasionale Adviserende Raad oor Rehabilitasie Aangeleenthede. Hierdie raad moet twee keer in sy ampstermyn van vyf jaar, aan die minister verslag doen ten opsigte van sy werksaamhede.

Een van die funksies van die Nasionale Adviserende Raad oor Rehabilitasie Aangeleenthede, is navorsing. Een van die eerste take wat die raad aangepak het, was die ontwikkeling van 'n eenvormige stelsel van statistiek en dit is in 1974 in werking

gestel. Die probleem is egter dat daar steeds geen fokus was op die voorkoms of aard van dwelmmisbruik onder die algemene publiek nie.

ŉ Ander belangrike ontwikkeling in hierdie tyd was die stigting van die Suid-Afrikaanse Narkotiese Buro op 9 September 1974. Hierdie Buro was ŉ direkte uitvloeisel van die werksaamhede van Die Nasionale Adviserende Raad Oor Rehabilitasie Aangeleenthede. Die Suid-Afrikaanse Polisie beheer die werksaamhede van die Buro, onder die oorhoofse bevel van die Kommissaris van Polisie. Die Narkotiese Buro is ingestel met die oog op die koördinering van die beheer oor die misbruik, die besit van en handeldryf in onwettige afhanklikheidsvormende stowwe.

In die verslag wat gelewer is tydens die Dagkonferensie oor Dwelmmisbruik en die Misbruik van Medisyne 1979 is die volgende inligting weergegee:

**TABEL 1 - GETAL PERSONE VERVOLG WEENS MISDADE IN VERBAND MET AFHANKLIKHEIDSVORMENDE STOWWE GEDURENDE DIE PERIODE 1971 TOT 1979**

| | 1971/72 | 1972/73 | 1973/74 | 1974/75 | 1975/76 | 1976/77 | 1977/78 | 1978/79 | 1980/81 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Oortredings met dagga ... | 38 466 | 32 017 | 22 086 | 28 494 | 21 547 | 22 664 | 24 801 | 28 600 | 32 000 |
| Oortredings met ander dwelmmiddels ........... | 223 | 235 | 184 | 187 | 262 | 294 | 374 | 360 | |

*

TABEL 2 - PERSENTASIE VAN DOSISEENHEDE VAN BEPAALDE MEDISYNE WAAROP BESLAG GELÊ IS GEDURENDE DIE PERIODE 1975 TOT 1978

| 1975/76 | % | 1976/77 | % | 1977/78 | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Fendimentrasien ........... | 40 | Metakaloon ............. | 40 | Metakaloon.............. | 67 |
| Bensodiasepiene ........... | 20 | Bensodiasepiene ......... | 23 | Metielfenidaat .......... | 10 |
| Meprobamaat ............... | 10 | Fendimentrasien ......... | 8 | Fendimetrasien .......... | 7 |
| Metakaloon ................ | 2 | Dipipanoon .............. | 6 | Bensodiasepiene ......... | 6 |
| Barbituursuur en derivate... | 1 | Dekstromoramied ......... | 4 | Tilidien ................ | 5,5 |
| Petidien .................. | 0,5 | Petidien ................ | 4 | Morfien.................. | 2,5 |
| 73,5% van 714 500 eenhede | | 85% van 27 000 eenhede | | 98% van 110 500 eenhede | |

* (Verslag van die dagkonferensie oor Dwelmmisbruik en die Misbruik van Medisyne, 1979)

Alhoewel bogenoemde inligting waardevol is, moet daar onthou word dat dit nie noodwendig die volle realiteit weerspieël nie. Hierdie syfers verteenwoordig bloot die middels wat deur die polisie opgespoor is.

In 1974 het die Departement van Indiërsake 'n studie onderneem om die voorkoms van dwelmgebruik te bepaal. Daar is gebruik gemaak van anonieme vraelyste.

Die bevindinge was as volg:

- Die anonieme vraelys het aangetoon dat 67,2% van die respondente (900 indiwidue) bekend was met persone wat dagga gebruik.

- 36,2% het aangedui dat dwelms al aan hul geoffer is. Uit hierdie groep het 70,2% erken dat hul slegs dagga geoffer is en 7,2% het offers van pep-pille, dagga en ander dwelms gekry.

- Uit die 1 327 respondente wat die anonieme vraelys beantwoord het, het 19,2% (255 persone) aangedui dat hul al dwelms gebruik het. (28,9% van hierdie persone was mans en 213 was vroulik). Uit die groep wat positief reageer het ten opsigte van dwelmgebruik, het 72,9% net dagga gebruik en 6,7% het ander middels gebruik.

Hierdie studie van die departement van Indiërsake 1974 toon dat daar 'n hoë voorkoms van dwelmgebruik in Indiërgemeenskappe is. Die gebruik van dagga blyk verder 'n bekende verskynsel te wees en dié middel bly steeds die gewildste (alkohol uitgesluit).

Groenewald (1973) het in sy studie wat bestaan het uit 'n steekproef van 266 ongetroude naskoolse jeugdiges die volgende gevind:

- Slegs 20% van die respondente het nie een van die 12 dwelmmiddelterme geken wat aan hul voorgehou is nie.

- In teenstelling met die navorsing van die Departement van Indiërsake, vind hy dat 76% van die ondersoekgroep niemand geken het wat dwelmmiddels gebruik het nie. Dit gee ons net weer ŉ aanduiding van die mate waarin gegewens tussen die bevolkingsgroepe verskil.

- Ten opsigte van die houding teenoor die gebruik van dwelmmiddels, was daar egter ŉ hoë mate van ooreenstemming tussen die statistiek van Groenewald (1973) en die Departement van Indiërsake (1974): 87% was heeltemal gekant teen dwelmmiddelgebruik en 9% het aangedui dat hul nie teen die gebruik van klein hoeveelhede dwelmmiddels gekant was nie.

Van der Burgh (1975) het ŉ nasionale steekproef van na-skoolse jong mans gedoen. Anonimiteit en konfidensialiteit is gewaarborg in die proses van inligting-insameling. Respondente het indiwidueel in groepsverband ŉ vraelys voltooi, wat deur ŉ assistent geadministreer is. Blanke mans tussen die ouderdom van 16 en 21 is betrek. Die volgende inligting het na vore gekom:

- 20% van die steekproef het te kenne gegee dat hul ten minste een keer gebruik gemaak het van dagga en/of ander dwelms. Hierdie gegewens toon ŉ hoë korrelasie met dié van die Departement Indiërsake (1974). Die oorgrote meerderheid

respondente was eksperimentele- en geleentheidsgebruikers van dwelms.

Van der Burgh (1975) vind die volgende ten opsigte van die kontak wat respondente het met dagga-rokers:

10,2% van die respondente wat nie dagga rook nie, het aangedui dat baie van hul vriende wel dagga gebruik, terwyl 87,8% van die respondente wat wel dagga gebruik, aangetoon het dat baie van hul vriende ook dagga gebruik. Hierdie gegewens kan nie vergelyk word met die statistiek van die Departement Indiërsake (1974) óf die van Groenewald (1973) nie, aangesien ander veranderlikes in hul ondersoeke getoets is. Van der Burgh 1975 het juis die onderskeid tussen rokers en nie-rokers se vriende getref, omdat hy die rol wat die sub-kultuur speel, ondersoek het.

Vir die eerste keer in 1976 skryf Die Nasionale Adviserende Raad Insake Rehabilitasie Aangeleenthede in hul verslag dat hul bewus is dat daar by sommige Suid-Afrikaanse skole 'n dwelmvraagstuk bestaan. Dit is dan ook in pas met die bevindinge van navorsers soos Levin (1974) en Van der Burgh (1975). Levin (1974) het uit 'n steekproef van 448 nasionale dienspligtiges, wat weens dwelmmisbruik verwys is vir hulp, gevind dat 64,7% van hierdie respondente reeds op skool dwelms begin gebruik het. Van der Burgh (1975) het ook gevind dat die 20% van respondente wat in sy studie bevestigend geantwoord het in terme van dwelmgebruik, reeds op skool in 'n groot mate van dagga en ander dwelms gebruik

gemaak het. Laasgenoemde navorser was daarvan oortuig dat die voorkoms van dwelmmisbruik onder die Suid-Afrikaanse jeug, minder ernstig is as wat deur die media uitgebeeld word.

Op 14 en 15 September 1983 is daar ŉ konferensie insake dagga in Durban gehou. Die slotsom wat hier bereik is, was dat dagga, naas alkohol, die grootste dwelmprobleem in Suid-Afrika is. In Die Nasionale Adviserende Raad Insake Rehabilitasie Aangeleenthede se verslag van 1983, stel dié raad hom dit ten doel om aan dié omvangryke prolbeem meer aandag te gee. Daar is besef dat ŉ toekomsstrategie op feite gebasseer moet word en dat hierdie feite so spoedig moontlik ingesamel moes word.

## 3.4 Die dwelmprobleem in die Kaapse Skiereiland

In hierdie afdeling sal daar gefokus word op die meer resente verwikkelinge in die Kaapse Skiereiland, ten opsigte van die voorkoms van dwelmmisbruik.

### 3.4.1 ŉ Ongepubliseerde SANRA-studie

SANRA het bewus geword van die feit dat die dwelmmiddelvraagstuk sedert ongeveer 1982 geleidelik momentum gekry het in die Kaapse Skiereiland. Gevalle- en gemeenskapswerkers het toenemend navrae ontvang ten opsigte van die voorkoms van die probleem en wat gedoen word om die euwel te bekamp - Daar was ook ŉ toename in versoeke vir voorkomingsprogramme, veral by skole.

Gedurende Oktober 1983 het Cronje, verbonde aan SANRA se Kaapstadse kantoor, 'n beperkte studie onderneem ten opsigte van enkele aspekte van daggagebruik/nie gebruik onder sowat 800 standerd 8 seuns. Veertien skole in die Athlone-area is betrek. Die steekproef is op 'n ewekansige wyse getrek. 'n Anonieme, gestruktureerde vraelys is deur die leerlinge ingevul. Die resultate is saamgevat en bespreek in die SANRA jaarverslag 1985:11. Hieronder volg van die vernaamste bevindinge, wat verband hou met hierdie studie:

- Uit die totale steekproef (N=807) het 14,5% aangedui dat hul reeds dagga gebruik het. Dit kom daarop neer dat een uit elke sewe leerlinge dus ten minste een keer van dagga gebruik gemaak het.

- 'n Derde van die leerlinge wat al dagga gebruik het, het al ten minste een keer Mandrax gebruik.

- Die gemiddelde ouderdom waarop die respondente met dagga-rokery begin eksperimenteer het, was 14 jaar.

- Ongeveer 70% van die respondente wat al dagga probeer het, het dit op 'n Vrydag-, Saterdagmiddag of aand gebruik.

- Van die groep wat nog nooit die middel gebruik het nie, het 28% aangedui dat hul al dagga aangebied is - en 12% het erken dat dit binne skoolure was.

Cronje noem in die jaarverslag (1985:11) die volgende:

> Daar is daarop gedui dat daggagebruik by St. 8-seuns van al die onderhawige skole voorgekom het. Hoe spoediger skoolhoofde die wesentlike moontlikheid van daggagebruik deur leerlinge erken en dit nie as ŉ aanklag teen die skool se integriteit beskou nie, hoe gouer kan voorkomende maatreëls ingestel word.

Alhoewel bogenoemde ŉ beperkte studie was, het dit aan SANRA werkbare inligting deurgegee. As gevolg van hierdie resultate kon die kwaliteit van die voorkomingsprogramme verhoog word en het die onderskeie skole waarskynlik ŉ beter diens vanaf SANRA ontvang.

### 3.4.2 Navorsing deur Prof Ben-Arie en Geld: (1984)

Ben-Arie en Geld (1984) het in 1970/71 ŉ steekproef gedoen onder voltydse studente aan die Universiteit van Kaapstad, om sodoende meer inligting te bekom ten opsigte van die dwelmgebruik onder die studente. ŉ Hoë respons is ontvang (88%) en die volgende inligting is bekom:

- 21% van die respondente het al dwelms gebruik.
- Die oorgrote meerderheid respondente het net met dagga ge-eksperimenteer.

- 2,4% van die respondente het dagga gereeld gebruik.

- Die gebruik van dwelms, en dan veral dagga, het meestal op hoërskool begin.

- Die gebruik van ander dwelms (dagga uitgesluit) was minimaal. Die enigste middel wat noemenswaardig was, was amfetamines.

Herr en Morley (1972) het soortgelyke resultate in hul nasionale studie van voorgraadse studente gekry.

### 3.4.3 Die Kaapstadse Dwelm Beraad Sentrum

As gevolg van kommer onder professionele persone en die publiek ten opsigte van die toenemende dwelmmisbruik in die Kaapse Skiereiland, is daar onder die voorsitterskap van dr David Rabinowitz 'n Dwelm Aksie Komitee vir Kaapstad gevorm. Die werksaamhede van hierdie komitee word in meer detail bespreek in hoofstuk 5.

Die Kaapstadse Dwelm Beraad Sentrum/The Cape Town Drug Counselling Centre

Die Sentrum het aktief begin funksioneer in Februarie 1985. Aanvanklik is daar gebruik gemaak van 'n tydelike perseel, maar in Junie 1985 het die Dwelm Aksie Komitee geskikte akkommodasie

bekom te Lower Main Road 237, Observatory. Die perseel is gekoop en offisieël geopen op 17 Augustus 1985 deur die Administrateur van Kaapland.

Die Sentrum is 'n in-stap, buite-pasiënt evalueringssentrum vir persone wat dwelms misbruik en/of hul familie en vriende.

Daar is voorsiening gemaak vir twee voltydse kliniese sielkundiges, een voltydse maatskaplike werker en 'n voltydse sekretaresse. Gedurende April 1986 het dit nodig geword om 'n assistent aan te stel om te help met die administrasie en gedurende April 1987 is 'n tweede voltydse sekretaresse aangestel.

In die jaarlikse verslag van die Dwelm Beraad Sentrum (1987) word daar genoem dat die Sentrum gedurende 1986 offisieël deur die Departement van Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling, verklaar is as 'n rehabilitasiesentrum. Volle staatssubsidie word dus nou in die vooruitsig gestel.

Die statistieke van die Dwelm Beraad Sentrum help die leser om 'n beter beeld te vorm ten opsigte van die voorkoms van die probleem in die Kaapstad-area.

Die statistiek van boegenoemde Sentrum vir die tydperk Februarie 1985 tot Januarie 1986 toon die volgende aan:

- Vir die periode Februarie 1985 tot Januarie 1986 was daar 485 geregistreerde pasiënte. Vyf en twintig ouers het ook uitgereik om hulp.
- Die totale omset vir bogenoemde periode was 1 499 geregistreerde pasiënte.
- Nuwe aanmeldings vir die periode Februarie 1985 - Januarie 1986 was 496 pasiënte. 36,5% van hierdie indiwidue was Blanke mans en 9,9% was blanke vroue. 48,8% van die nuwe aanmeldings was Kleurling mans en 3,4% was Kleurling vroue. Die persentasie Swart mans (1%) en Swart vroue (0,4%) was die laagste van al die bevolkingsgroepe. Een van die moontlike redes is dat die diens nog nie so bekend is onder die swart bevolking nie.
- 32% van die nuwe aanmeldings kon op buite-pasiënt basis hanteer word en 23% is verwys vir binne-pasiënt behandelng. 16% is na ander dienste verwys en 29% was ongeskik vir dienslewering.

Laasgenoemde kategorie het persone ingesluit wat onder meer ernstige persoonlikheidsprobleme getoon het, gevalle waar erge alkohol misbruik voorgekom het, ens.

In die SANRA jaarverslag (1987) word die 1986-87 statistieke vir die Dwelm Beraad Sentrum as volg aangedui:

- Daar was 649 nuwe aanmeldings. Dit verteenwoordig dus 'n toename van 153 pasiënte, in vergelyking met die vorige jaar.

- Die nuwe aanmeldings kan as volg uiteengesit word: 234 was Blanke mans, 58 was Blanke vroue; 336 was Kleurling mans en 16 was Kleurling vroue; daar was 5 Swart mans en geen swart vroue het aangemeld nie. Van die totale aanmeldings was daar 575 mans en 74 vroue.

- Die gemiddelde maandelikse nuwe aanmeldings was 60 gevalle, dit het later geudurende die feesseisoen gedaal tot 40 per maand. Die daling in die maandelikse aanmeldingsyfer is ook toegeskryf aan 'n tekort aan personeel by die sentrum.

- Dagga met of sonder bymiddels, was dié dwelm wat die meeste gebruik is (83%), gevolg deur die gekombineerde gebruik van metakaloon (64%).

- 48% van die pasiënte was selfverwys. 15% is deur hul familie verwys, welsynsorganisasies het 22% verwys, hospitale 14%, algemene praktisyns 8%, skole 4% en werkgewers 4%.

- 80% van die pasiënte was jonger as 30 jaar en 25% jonger as 20 jaar. Volgens dr Rabinowitz toon dit 'n tendens na hoër - ouderdomsgroepe. Hierdie is 'n interessante verskynsel en dit stem ooreen met die tendense in Amerika, waar

dwelmmisbruik ook voorkom in die ouer groepe, weens die veranderde amestelling van dié groepe.

'n Behoefte aan 'n binne-pasiënt behandelingsfasiliteit vir die dwelmafhanklike is reeds telkemale uitgewys. Verder illustreer hierdie statistieke die realiteit van die probleem in die Kaapstadse-area en die behoefte en erns waarmee voorkomingsprojekte aangepak behoort te word.

### 3.4.4 Die Noordelike Area Dwelm Aksie Komitee (NADAK)

Op 16 Junie 1986, is die bogenoemde komitee gestig onder die leiding van dr. Colin Bouwer. Die struktuur en werksaamhede van hierdie komitee sal in hoofstuk 5 verdere aandag ontvang.

Die in-stap buite-pasiënt behandelingsentrum is nog in 'n beplanningstadium en tot en met daar genoegsame fondse bekom word, sal dit 'n langtermyn doelstelling bly.

Tans word daar veral gebruik gemaak van twee bronne in die gemeenskap vir die kliniese diens aan die dwelmmisbruikers en hul gesinne, naamlik:

Tygerberg Hospitaal en Narkotika Anoniem. Dr Colin Bouwer behartig self die verwysde gevalle en waar aangedui, word die afhanklikes en/of hul ouers/vriende by groepe betrek. 'n Telefoonnooddiens word ook deur hom beman.

Die Noordelike Area Dwelm Aksie Komitee (NADAK) het nog geen outonome navorsing gedoen ten opsigte van die voorkoms van dwelmmisbruik nie. Dr. Bouwer is egter reeds sedert 1983 besig om ondersoek in te stel na die voorkoms van die probleem.

In sy dwelmverslag 1986 noem hy dat hy tot die slotsom gekom het dat daar ŉ toename is in die voorkoms van dwelmmisbruik. Hy huldig hierdie mening op grond van:

(a) die toename in telefoonoproepe van dwelmafhanklikes wat hulp soek - veral vanaf die platteland.

(b) ŉ Toename word ook gelet ten opsigte van ouers wat bel om hulp te kry, nadat hul uitgevind het dat hul kind(ers) betrokke is by dwelmmisbruik.

(c) Afhanklike en nie-afhanklike persone, dui aan dat hul ŉ toename sien in die aantal persone wat hul ken wat middels gebruik.

(d) Daar is ŉ toename in die aantal persone wat hulp soek by organisasies/bronne soos Life-Line en die Kaapstadse Dwelm Beraad Sentrum.

(e) Daar is ŉ toename in die aantal persone wat aanmeld by die nood-eenhede van hospitale as gevolg van dwelmreaksies en oordoserings.

(f) ŉ Toename van dwelmgebruik onder skoliere, in die afgelope drie jaar.

Daar kan egter geargumenteer word dat die toename wat waargeneem word juis die gevolg is van effektiewe bewusmakingsveldtogte in die gemeenskap. Die publiek word toenemend bewus van die erns van die probleem. Die beskikbare fasiliteite word tans op meer effektiewe wyses bekend gestel. Laastens kan daar ook op gelet word dat hierdie hulpbronne meer toeganklik word vir die publiek.

Volgens Bouwer (1986) het hy gedurende 1983, 498 oproepe ontvang: 146 (29%) hiervan was oproepe vanaf die afhanklike en 352 (71%) was oproepe van ouers. Meer moeders (300) as vaders (52) het uitgereik vir hulp. Meer Blanke (98,2%) as Kleurling (1,8%) persone het van die diens gebruik gemaak. Dit mag wees dat die telefoondiens op hierdie vroeë stadium nog nie so bekend was in die Kleurlinggemeenskap nie.
Die middels betrokke by die 146 afhanklikes was as volg:
Dagga - 83, Dagga/Mandrax 16, Alkohol & Bensodiaspines 47.

Wanneer ŉ indeling gemaak word van die 146 persone in terme van ouderdom, kom die volgende na vore:

(a) Dagga

8,2% het in die ouderdomsgroep 14-16 jaar geval
81% het in die ouderdomsgroep 16-19 geval
9,8% het in die ouderdomsgroep 19-25 jaar geval.

Die dagga-gebruikers was dus ŉ relatiewe jong groep.

(b) Mandrax

Die middel is hoofsaaklik gebruik deur die ouderdomsgroep 19-25 jaar: 95%. In die groep 14-16 jaar was die persentasie: 5%.

(c) Alkohol en Bensodiasipines

Die ouderdomsgroep van persone wat hierdie middels gebruik het, het geval tussen 22-45 jaar.

Gedurende 1984 was daar 608 oproepe, waarvan 207 vanaf afhanklikes was en 401 vanaf ouers. Daar was ŉ toename in die aantal oproepe vanaf die Kleurlingbevolking (in vergelyking met 1983) naamlik: 18,2%. Die oorgrote meerderheid oproepe het steeds vanuit die Blanke bevolking gekom naamik: 81,8%. Weereens was daar veel meer moeders (342) as vaders (59) wat om hul gesoek het.

Van die 207 afhanklikes het 119 (57%) Dagga en Mandrax gebruik en 12 persone het Dagga, Mandrax en Bedaarmiddels gebruik; 78 het Alkohol en Bensodiasipines gebruik, 5 het snuifmiddels gebruik, daar was 3 gevalle wat van opiate gebruik gemaak het en 2 het LSD gebruik.

'n Groter verskeidenheid van middels is dus aangemeld in vergelyking met 1983. Die skrywer van hierdie verslag het dit moeilik gevind om die 1984 en 1985 gegewens te interpreteer in terme van ouderdomsgroepe. Die uiteensetting in die verslag was onduidelik.

Gedurende 1985 was daar 'n groot toename in die aantal oproepe. 1 419 persone het geskakel waarvan 610 (43%) vanaf afhanklikes was en 809 (57%) vanaf ouers. 22,6% van die oproepe was vanuit die Kleurlingbevolking - dus weereens 'n toename in vergelyking met 1984. 77,4% het uit die Blanke gemeenskap gekom.

Weereens was dit die moeder (804) wat die meeste uitgereik het, teenoor die vaders (5).

Uit die 610 oproepe vanaf die afhanklikes het dit duidelik geword dat 381 Dagga en Mandrax gebruik het, 213 het alkohol en Ativan gebruik en 7 persone het LSD gebruik.

Binne-aarse gebruik van barbiturate en opiate is deur 9 persone gerapporteer.

Uit bogenoemde gegewens blyk dit dus dat daar toenemend om hulp uitgereik is. Die Kleurlingbevolking het ook meer gebruik gemaak van die diens, as vroeër.

In sy dwelmverslag 1986 noem Bouwer dat hy onderhoude gevoer het met 80 leerlinge van 2 hoërskole in die Durbanville area. Die gemiddelde ouderdom van die skoliere was 15,9 jaar. 52 van die leerlinge het uit Engelse skole gekom en 25 uit Afrikaanse skole.

81% van die skoliere by die Engelse skole en 84% van die skoliere by die Afrikaanse skole het erken dat hul reeds op die ouderdom van 11 jaar begin het om dwelms te gebruik. Hierdie gegewens is skokkend en is veel hoër as wat deur ander studies (wat in hierdie verslag bespreek is) aangedui word. Dit is egter onbekend of alkohol as dwelm ingesluit is. Indien wel, kan dit 'n verklaring wees van die besondere hoë persentasies.

3.4.5 <u>Die Hottentots-Holland Dwelm Aksie Komitee (HHDAK)</u> het in 1982 ontstaan onder die aanvanklike leiding van die ACVV en ander welsynsorganisasies. In hoofstuk 5 sal daar verder gefokus word op die komitee.

Soos in die geval met die NADAK, beskik die HHDAK ook nie oor 'n dwelmevalueringsentrum nie.

Aanvanklik het SANRA (Stellenbosch-kantoor) die kliniese diens verskaf. Somerset-Wes is een maal per week besoek en fasiliteite wat deur die Somerset-Wes Hospitaal tot die diens van die HHDAK gestel is, is gebruik. Hierdie reëlings het goed gepas, maar die sluiting van SANRA kantoor op Stellenbosch (Maart 1986) het die behoefte aan 'n plaaslike spesialisteitsdiens weer ingeskerp.

Tans word gevalle verwys na die plaaslike welsynsorganisasies en kliniese sielkundiges in privaatpraktyk. Hierdie reëling is egter nie bevredigend nie. Tot op hede was daar nog nie skoling van 'n terapeutiese span nie. Die sielkundiges is in privaatpraktyk en dit skep probleme, aangesien hul diens nie geadverteer mag word nie. In 'n groot mate is daar dus 'n vakuum gelaat nadat SANRA, weens 'n gebrek aan subsidie, sy dienste moes terugtrek.

Die HHDAK steun hoofsaaklik op die leiding van die Kaapstadse Dwelm Aksie Komitee, maar beskik tans nie self oor 'n sterk leiersfiguur wat die wa uit die drif kan trek nie.

Soos met die ander dwelmaksie groepe is daar besef dat fondse alleenlik bewillig sal word, deur die publiek en die staat, indien die omvang en erns van die probleem bewys kan word. Verder was daar ook 'n behoefte aan navorsing, sodat die opvoedkundige programme, aangepas kan word by die gemeenskap se behoeftes en spesifieke teikengroepe.

Gedurende 1986 is daar in samewerking met die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing en ander kundiges (soos prof. Engelbrecht), 'n studie onderneem om die omvang van die probleem onder die jeug te bepaal. Toegang tot die plaaslike Blanke skole kon egter nie verkry word nie en die gevolg was dat slegs die Kleurlingskole betrek is.

Die resultate word tans verwerk deur De Wet Schutte ('n lid van die HHDAK) en sal waarskynlik eersdaags bekend gestel word.

3.5 Samevatting

Dit blyk uit hierdie hoofstuk dat dwelmmisbruik 'n internasionale probleem is. Amerika het veral in die vyftiger en vroeë sestigerjare 'n eskalering in dwelmgebruik ondervind. Daar was egter 'n geleidelike afplatting in gebruik gedurende die sewentigerjare.

Die breëre Suid-Afrikaane samelewing het ook nie die probleem vrygespring nie. Die studies in die sewentigerjare het die publiek meer bewus gemaak van die probleem in hul midde. Geen studie, van nasionale omvang, is nog in Suid-Afrika geloods om die werklike omvang van die dwelmmisbruik, onder alle bevolkingsgroepe, na te vors nie.

Die Kaapse Skiereiland het ook sy eie kwota van probleme in dié verband. Soos wat die gevolge van die dwelmvraagstuk meer visueel geword het, is daar toenemend pogings aangewend, deur middel van dwelmaksie komitees, om die probleem te hanteer. Navorsing blyk 'n prioriteit by al drie hierdie groepe te wees.

# HOOFSTUK 4

## 4. SANRA SE ROL TEN OPSIGTE VAN DWELMMISBRUIKVOORKOMING IN DIE KAAPSE SKIEREILAND

### 4.1 Inleiding

Met die skrywe van hierdie verslag was die navorser werksaam by die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdowingsmiddels (SANRA, Wes-Kaapland Vereniging).

Hierdie geregistreerde welsynsorganisasie stel hom dit ten doel om onder andere, as ko-ördineerder op te tree in die veld van voorkoming van dwelmmiddelmisbruik, etielalkohol ingesluit.

### 4.2 Doelstellings van die organisasie

Die doelstellings van SANRA kan as volg saamgevat word:

(a) Die positiewe beïnvloeding van gemeenskapshoudings ten opsigte van alkohol, ander dwelms en afhanklikheid.

(b) Die ontwikkeling van openbare steun vir 'n altyd ontwikkelende program, vir voorkomende opvoeding.

(c) Die motivering tot belangstelling en deelname van die handel en nywerheid in die stryd teen alkoholisme en dwelmafhanklikheid.

(d) Die totstandkoming en aktiewe funksionering van 'n komitee wat alkoholisme en dwelmafhanklikheid beveg en bekamp in elke gemeenskap. Hiermee saam ook die ontwikkeling van 'n streekswye netwerk van inligtingsentra.

(e) Moderne onderwys ten opsigte van alkoholisme en dwelmafhanklikheid in skole en ander opleidingsentra.

(f) Die volle samewerking en aktiewe belangstelling van die mediese- en verwante beroepe.

(g) Die ontwikkeling van voldoende kliniese fasiliteite vir diagnose, behandeling en nasorg.

(h) Die stimulering van 'n breë en volgehoue navorsingsprogram in alle aspekte van alkohol- en dwelmmisbruik.

(i) Die koördinasie van pogings deur alle groepe, organisasies en inrigtings ten einde, op 'n streeksgrondslag, 'n program daar te stel wat gemik is op voorkoming en behandeling van alkoholisme en dwelmafhanklikheid.

4.3 Werkswyse

SANRA gebruik die volgende metodes van werk, gevallewerk, terapeutiese groepwerk, gemeenskapswerk (wat opvoedkundige voorkomingsprogramme insluit) en in ŉ mindere mate ook navorsing. Die navorsing wat deur die Wes-Kaaplandse Vereniging aangepak word, is gewoonlik op ŉ beperkte skaal. So is daar in 1985 ŉ studie voltooi in verband met dagga-gebruik onder skoliere op die Kaapse vlakte en ŉ beperkte studie is onderneem in samewerking met vrywilligers van die St Johns Ambulansdiens; om die voorkoms van die inaseming van gomdampe deur jeugdiges te ondersoek. Tans word daar gekyk na die moontlikheid van ŉ studie om die voorkoms van die Fetale Alkohol Sindroom, in die Paarl-area te ondersoek.

Omdat dit ŉ spesialiteitsveld is, word nuwe werkers by SANRA ingeskakel by ŉ oriënteringsperiode van ŉ maand. Gereelde indiensopleiding vind in indiwiduele- en groepsverband om werkers op hoogte te hou met nuwe verwikkelinge en om kennis, ekspertise en vaardighede uit te ruil.

Houdings ten opsigte van dwelmgebruik en die ontwikkeling van ŉ lewensstyl vind nie oornag plaas nie. So vind ons ook dat die ontwikkeling van insig, die aanleer van nuwe vaardighede en die ontwikkeling van ŉ gesonde lewensstyl, ŉ langtermynproses is. Die werker in die veld van dwelmvoorkoming, moet dus ŉ geloof hê in dit wat hy doen, aangesien resultate selde onmiddellik waarneembaar is.

## 4.4 Die historiese konteks van moderne dwelmopvoeding en voorkomende programme

Goldberg en Meyers (1980: 126, 127) en (Low 1978: 23-26) is van mening dat die historiese konteks van dwelmvoorkoming verstaan moet word, wanneer hedendaagse programme evlaueer word.

Bogenoemde skrywers verwys na die toename in dwelmgebruik in die sestiger jare in Amerika. Goldberg en Meyers (1980: 126) noem dat die totale samelewing geaffekteer is, veral die jeug. Daar was ook in hierdie stadium ŉ toestroming van kompeterende chemiese middels op die mark. Die onmiddellike reaksie van die publiek was negatief: onwettige middels is outomaties as nadelig beskou en moes op alle moontlike maniere beveg en bekamp word. Die gebruik van onwettige dwelms is deur volwassenes geassosieer met die algemene verwerping van die wet, die sosiale orde en -waardes.

Vir baie jeugdiges was dwelmgebruik ŉ verklanking van hul misnoeë met die "establishment". Die algemene publiek se vrese en histerie het geeskaleer en volgens Goldberg en Meyers (180: 126), 127) Low (1978: 23), is die wending geneem na wetgewing en die opvoeding van die publiek insake die gevaar en negatiewe gevolge van dwelmgebruik. Ten spyte van ŉ tekort aan opgeleide onderwysers en die nodige opvoedkundige materiaal, is wetgewing aanvaar waarvolgens dwelmopvoeding in Amerikaanse skole gemagtig is. Hierdie dwelmopvoeding programme het dan ook gou deel geword van die kurriculum van publieke skole. Low (1978: 23) bespreek

gevolge hiervan en noem dat die idee by die publiek posgevat het dat skole verantwoordelik was om iets aan die probleem te doen. Skole is dus onder druk geplaas en daar was 'n toeloop van hoë profiel programme, wat vinnig opgestel is om die publiek te sus. Min mense het evalueer wat die werklike behoeftes van die jeug was. Gebruikers van onwettige middels het hul dus vasgeloop teen 'n muur van onkunde, vyandigheid en die teenstrydige waardes van die samelewing. Die gevolg hiervan was dat die jeug die gesagstrukture van die gemeenskap bevraagteken het en toenemend aan 'n eie jeugkultuur gebou het.

Die Suid-Afrikaanse konteks het verskillend ontwikkel veral omdat dwelmopvoeding in skole nie deur die wetlike kanale gestuur is nie. In teenstelling met sy Amerikaanse eweknie, kry hierdie skrywer ook die indruk dat die hele vraagstuk van dwelmmisbruik met groot omsigtheid benader is deur owerhede. Hierdie aspek word later meer breedvoerig bespreek onder 5.

Low (1978: 24) bespreek dat daar later programme gebruik is wat op feitelike gegewens gebaseer was. Die probleem met hierdie programme was egter dat die opstellers daarvan nie bewus was van die feit dat dwelmgebruik opsig self nie die probleem was nie, maar eerder die wyses van gebruik en misbruik. Die skrywer is dan ook van mening dat voordat onwettige dwelmgebruik verstaan kan word, die voorkoms van wettige dwelmgebruik verstaan moet word. Die deurgee van inligting is nie genoeg nie. Die leerling moet

ook leer watter alternatiewe beskikbaar is voordat besluite geneem kan word in terme van die dwelmgebruik, al dan nie.

Low (1978: 25) bespreek verder programme wat gebaseer is op primêre voorkoming. Dit gaan hier om die aanleer van sosiale vaardighede en die fokus is dus ontwikkeling, eerder as remediëring. Die voordeel van hierdie benadering is dat die kind basiese vaardighede aanleer wat gebruik kan word ten opsigte van ŉ wyd uiteenlopende spektrum van probleme en situasies. Bogenoemde skrywer noem dat daar dus ŉ verskeidenheid van benaderings is ten opsigte van dwelmvoorkoming:

> At some point, however, functional information and perspectives on drugs must be included, information and theory may not be sufficient for prevention but it is necessary if individuals are to make their own decisions.

Dit blyk dus dat dit nie net gaan om die aanbieding van ŉ program nie; die teoretiese fundering en basiese aannames van die benadering moet verband hou met die behoeftes van die teikengroep.

### 4.5 SANRA se benadering

#### 4.5.1 Die ontwikkeling van voorkomende dienslewering

In die lig van bogenoemde (4.4) kan 'n mens nou SANRA se benadering evalueer. Hierdie organisasie se opvoedkundige voorkomingsprogramme het ook deur die jare aanpassings en veranderinge ondergaan. Die redes hiervoor was ondermeer die feit dat die samelewing dinamies en ontwikkelend is en dat die behoeftes en omstandighede van die teikengroepe, nie staties is nie. Die voorkoms en aard van dwelmgebruik het heelwat veander - so word kinders byvoorbeeld op jonger ouderdomme bekend gestel aan dwelmmiddels as voorheen. Omdat ons in 'n dwelm-georiënteerde samelewing leef, word daar voortdurend nuwe middels, wat potensieël misbruik kan word, op die mark vrygestel. 'n Tweede faktor wat bydra tot die ontwikkeling van nuwe programme en die aanpassing van ander is die feit dat ons in 'n eeu leef, waar daar 'n kennis-ontploffing plaasvind. Navorsing in die veld van die sosiale dissiplines word meer wetenskaplik. Toenemend word die verskynsel van dwelmgebruik en -misbruik bestudeer. Nuwe en alternatiewe feite kom na vore, byvoorbeeld waarom sekere tegnieke effektief is en ander nie.

'n Laaste faktor wat 'n rol speel, is natuurlik die ervaring wat opgedoen word in die praktyk self. In 4.4 is daar reeds vewys na die belangrikheid daarvan dat programme aansluiting sal vind by die werklike behoeftes van die jeug. Die werkers van SANRA is

daagliks in kontak met die samelewing, op ŉ "grassroot-level". Die ervaring in ŉ multi-kulturele samelewing leer ŉ mens dan ook gou dat wat vir een groep werk, nie noodwendig vir ŉ ander groep werk nie. Daar is ook gevind dat oorsese dwelmopvoeding materiaal aangepas moet word, aangesien ons hier ter plaatse te make het met unieke probleme en uitdagings.

Die proses wat in SANRA deurloop is, stem grootliks ooreen met die ontwikkeling in Ameria.

(a) In die beginjare is daar ook gebruik gemaak van skok-tegnieke in ŉ poging om die publiek te oortuig om nie dwelms te gebruik nie.

Die klem het veral geval op nadelige gevolge soos afhanklikheid en die aftakeling van die liggaam. Die hoofkomponent van byeenkomste was dikwels die vertoning van ŉ film. Die oorgrote meerderheid van materiaal wat op daardie stadium beskikbaar was, was sensasioneel. Die fokus het dikwels geval op middels wat nie eers beskikbaar was in Suid-Afrika nie.

SANRA stem saam met skrywers soos <u>The Study Group en Education and Drug Dependence</u> (1975: 54-55) en Low (1978: 24) dat skok-tegnieke nie effektief is nie. Dit spreek nie werklik die houding van die publiek aan nie. Die skrywer van hierdie studie is ook van mening dat die mens geneig is om onaangename ervarings te onderdruk en te vergeet. Dit is

deel van die mens se verdedigingsmeganismes. Dwelms en dwelmgebruik behoort nie net geassosieer te word met destruktiewe gedrag nie. Dwelms het vele positiewe en noodsaaklike gebruike, dit is die houding van die publiek teenoor die middels en die wyse van gebruik, wat probleme veroorsaak. Die jeug wat middels gebruik, ervaar in elk geval dat daar sekere voordele gekoppel is aan dwelmgebruik. Dit kan onder meer insluit: 'n wyse van toetrede tot groepsverband, aanvaarding deur die portuurgroep, die deel van 'n aangename ervaring in groepsverband en gedrag wat uitdagend is teenoor die ouer geslag en die samelewing in die algemeen.

(b) Nadat daar ondervind is dat bogenoemde werkswyses oneffektief was, het die fokus verskuif na die deurgee van die feite in verband met dwelms en dwelmgebruik. Een van die voordele hiervan was dat films en ander opvoedkundige materiaal nou meer oordeelkundige gekies is. Visuele materiaal is nou meer dikwels gebruik slegs om inligting wat deur die spreker weergegee is, te versterk. Daar was egter nog steeds probleme. Die gehoor het passiewe luisteraars gebly. Daar was nie 'n wisselwerking en uitruil van kennis en ervaring tussen die publiek en die SANRA werker nie. Toenemend is daar ook besef dat eenmalige sessies, oneffektief was ten opsigte van die verandering van houdings by die

publiek. Die vrae wat deur jongmense gevra is tydens sessies het aangedui dat die behoefte verder gestrek het as bloot feitelike kennis in verband met dwelms.

Daar was egter ook kommer vanaf die publiek (veral skoolhoofde) dat feitelike inligting belangstelling in dwelms by kinders wek en dat dit aanleiding kan gee to eksperimentering. Hierdie probleem word ook in die literatuur bespreek, Low (1978: 25).

(c) Die klimaat is dus geskep vir die hersiening van programme, die integrering van feite gekombineer met aanleer van sosiale vaardighede, sodat ŉ breër doelstelling bereik kon word, naamlik: die ontwikkeling van ŉ gesonde en positiewe lewensstyl

Daar is op ŉ beperkte skaal hiermee begin. Die reaksie vanaf die teikengroepe was positief en sedertdien word hierdie benadering deur SANRA gevolg.

Die SANRA Vereniging van Johannesburg gebruik hierdie metode reeds ŉ geruime tyd. Gedurende 1985 het ŉ werker van Johannesburg dan ook die plaaslike vereniging besoek om behulpsaam te wees met die opleiding in die gebruik van ŉ lewensstyl-program.

Volgens Low (1978: 27) is die lewensstyl-benadering gebasseer op die aanname dat indiwidue sekere vermoëns benodig om op ŉ

suksesvolle wyse alledaagse probleme en geleenthede te hanteer. Indien hierdie vermoëns ontbreek, ontstaan die gevaar dat die indiwidu probleme gaan ervaar, afhangend van die omstandigehde. Probleme ontstaan dus, volgens hierdie benadering, weens 'n tekort aan basiese lewensvaardighede. Die lewensstyl-benadering moet egter nie in kontras of as teenstrydig met die feitelike/inligtings-benadering gesien word nie. Een aspek van basiese lewensvaardighede handel dan ook om die vermoë om relevante inligting in te samel. Low (1978: 26) vat die verskil in die twee benaderings as volg saam:

> The significant distinction between life skills programs and information programs is that the former deals with knowledge-action systems, the latter deals only with knowledge.

Die lewenssyl-beandering is 'n nuwe ontwikkeling in die veld van dwelmmisbruik-voorkoming. Low (1987: 26) noem dat alhoewel dit moeilik is om fout te vind met dié beandering se teoretiese fundering:

> ... it is also difficult to assess the validity of the position. No systematic outline of basic living dkills and practical techniques of developing them have yet been established. This is a new one area involving some tremendously complex issues; work is going on around the world.

In die breë gesien, kan die programme van SANRA as voorkomend gesien word.

In die sestiger jare het ŉ psigiater - Kaplan (1964) baanbrekerswerk gedoen deur ŉ raamwerk saam te stel wat vandag nog gebruik word in die veld van voorkoming. Hy het onderskeid getref tussen primêre-, sekondêre en tersiêre voorkoming.

4.5.2 Onder primêre voorkoming word verstaan dié pogings wat aangewend word om te keer dat die probleem in die eerste plek ontstaan. Die fokus val dus hier, in die eerste plek, op dié persone wat nog nie blootgestel was aan dwelms nie óf diegene wat nog nie middels gebruik het nie.

SANRA glo dat daar begin moet word by die voorskoolse kind. Reeds op ŉ vroeë ouderdom word die fondasies gelê vir die ontwikkeling van die kind se waardesisteem en lewensstyl. Daar word tans gebruik gemaak van ŉ Amerikaanse program: "Beginning Alcohol Basic Education Studies" (BABES). Deur middel van ŉ poppespel, en oor ŉ tydperk van ongeveer ses sessies, word daar aandag gegee aan aspekte soos: die selfbeeld van die kind, die ontwikkeling van vaardighede om probleme te hanteer en besluite te neem, die hantering van portuurgroep (groepsdruk), die hantering van gevoelens en sekere opvoedkundige aspekte en ten opsigte van dwelms.

Alhoewel die program suksesvol is en die verbeelding van die kind aangryp, het dit gou duidelik geword dat daar aanpassings gemaak moes word vir die Suid-Afrikaanse konteks. Die materiaal moes vertaal word om dit sodoende toeganklik te maak vir Afrikaans-sprekende kinders. Tot op hede is die program nog nie beskikbaar in swart tale nie. Daar moet gereeld aanpassings gemaak word om by die kultuur, die ontwikkelingsvlak, die realiteitservaring en die aandagspan van ʼn spesifieke groep aan te pas. So byvoorbeeld is daar gevind dat die program soms geskik is vir laerskoolleerlinge, tot en met standerd vyf. Aan die ander kant is sommige konsepte te gevorderd en abstrak vir die Suid-Afrikaanse voorskoolse kind. Daar word tans aandag gegee aan die moontlikheid van die ontwikkeling van ʼn eie Suid-Afrikaanse program.

Voorkomende opvoedkundige programme word ook aangebied by primêre en sekondêre skole. SANRA vra ʼn minimum van drie sessies en verkies om leerlinge in kleiner groepe te sien. Die ideaal is dat die inligting wat deurgegee word aan ʼn groep, op ʼn latere stadium opgevolg sal word, sodat dit versterk word en nuwe kennis en insig ontwkkel kan word. In die praktyk word daar egter soos probleme ondervind met die opvolg van sessies, aangesien die mannekrag ontbreek vir hierdie

tipe intensiewe dienslewering. Daar word ook gevind dat heelwat motiveringswerk nodig is, om die publiek te oortuig dat eenmalige sessies, nie die antwoord vir 'n dwlemprobleem is nie. Eksperimentele opvoeding word gebruik en interaksie word aangemoedig tussen leerlinge onderling en met die aamnbieder. Soos met die BABES program word daar gefokus op die ontwikkeling van 'n gesonde lewensstyl - die metode van aanbieding word aangepas by die belangstelling, behoeftes en lewenstake van hierdie groepe. Daar word tans pogings aangewend om alle beskikbare inligting in dié verband saam te voeg, te evalueer en 'n volledige lewensstyl-program op skrif te stel.

4.5.3 Die doel van <u>sekondêre voorkoming</u> is om die insidensie (voorkoms) van die probleem te verlaag. Hier val die klem op hoë risiko-groepe. Gay (1975: 83) bespreek die belangrikheid van programme aan hoë risiko adolessente groepe. Indiwidue wat eksperimenteer, dié wat middels misbruik en persone wat uit huise kom waar chemiese stowwe misbruik word, word deur SANRA gesien as risiko-groepe. Dáár word gebruik gemaak van voorkomende opvoedkundige programme, sowel as terapeutiese insette.

Programme is egter nie net beperk tot die skolier nie. Daar word gereeld werkswinkels aangebied by SANRA se

opleidingsentrum. Die opleiding van onderwysers, beide voor- en nagraads, vorm 'n belangrike fokuspunt van die dienslewering. Die (1974) verslag van die Nasionale Adviserende Raad insake Rehabilitasie Aangeleenthede, word die mening uitgespreek dat onderwysers opgelei behoort te word met die oog op die weergee van inligting en leiding aan leerlinge insake alkoholisme en dwelmafhanklikheid. Daar word verder besluit dat opleidingsprogramme aangebied sal word deur SANRA. Die probleem is egter dat hierdie besluit nog nie op 'n deurlopende basis geïmplimenteer word nie. Die skrywer van hierdie verslag is van mening dat programme wel aangebied word, maar dit is dikwels op 'n ad-hoc basis en deurlopende opleiding realiseer nie in die praktyk ie. Versoeke word veral ontvang van voorligting sielkundiges en onderwysers wat verantwoordelik is vir die voorligtingsprogramme. Daar blyk dus 'n definitiewe behoefte te wees aan opleiding insake dwelmvoorkoming in skole.

Dit is die mening van hierdie skrywer dat leerlinge wat met dwelms eksperimenteer of dit misbruik, se gedrag dikwels verkeerd geïnterpreteer word as gevolg van 'n gebrek aan kennis. Heelwat van hierdie kinders word geskors, na nywerheidskole gestuur ôf hul verlaat self die skool op 'n vroeë ouderdom.

Bogenoemde werkswyse en hantering van die probleem wek kommer. Die leerling wat eksperimenteer en uitgevang word, kan maklik ge-etiketteer word as 'n probleemkind. Dit is bekend dat die kind dikwels leef volgens die verwagtings van ander. 'n Negatiewe selfbeeld word geskep en hierdie leerling word dikwels deel van 'n negatiewe sub-kultuur. In dié groep ervaar hy dan die aanvaarding en erkenning wat nodig is vir die ontwikkeling van 'n eie waarde.

Die leerling wie se dwelmgebruik bloot 'n roepe om hulp is en eintlik 'n simptoom is van ander probleme (bv. huislik), word ook nie noodwendig so gehelp nie. Die teendeel is dikwels waar, naamlik dat die kind die swartskaap gemaak word en die huislike probleme steeds onveranderd bly.

Daar is soveel voorbeelde wat aangehaal kan word, maar ek volstaan met die leerling wat werklik 'n afhanklikheidsprobleem het. Die kind word gewoonlik verwyder uit die omgewing waar dwelms bekombaar is en verplaas na 'n omgewing waar dit minder bekombaar is. Die afhanklikheidsaspek word egter dikwels nie aangespreek nie.

Die skrywer is van mening dat die blote verwydering van die kind uit sy omgewing (bv. deur skorsing, die

wegstuur na 'n koshuis ens) nie die probleem sal oplos nie. Die teendeel is waar, 'n ander sektor van die samelewing sal nou die warm patat moet hanteer. Indien die leerling vroegtydig verwys word, kan 'n evaluering gedoen word deur 'n professionele persoon, om sodoende die aard en erns van die dwelmprobleem te bepaal. Alhoewel dit idealisties klink, bly dit 'n feit dat hierdie kinders dikwels te laat opgespoor word en dat hul vroeër gehelp kon word op 'n primêre en sekondêre voorkomingsvlak. Dit is jammer dat 'n gebrek aan kennis, vaardighede en gevoelens soos vrees en woede, dikwels 'n destruktiewe rol speel wanneer belanghebbendes oor die toekoms van hierdie leerlinge besluit. Die 1974 verslag van die Nasionale Adviserende Raad insake Rehabilitasie Aangeleenthede verwys ook na die behoefte aan gekoördineerde optrede binne skoolverband. Hierdie is 'n belangrike aspek, veral omdat dwelmvoorkoming 'n ekspertise-veld is. Daar bestaan die gevaar dat onoordeelkundige optredes juis eksperimentering met dwelms by skoliere sal bevorder. Konfidensialiteit is 'n faktor wat ook nie uit die oog verloor kan word nie.

Dit is bemoedigend dat die oorgrote meerderheid van skoolhoofde en skoolkomitees alles in hul vermoë probeer doen om die goeie naam van die skool te bevorder. Wanneer konfidensialiteit verbreek word en

sensasionele beriggewings na die media deursypel, knou dit dikwels die voorkomings-aksies en so 'n skool word in 'n negatiewe lig gestel. Die teenoorgestelde is egter ook waar, dit is dikwels die skole wat die (moontlike) probleem in hul midde wil voorkom, wat werklik na die behoeftes van die leerlinge omsien.

Die 1974-verslag van Die Nasionale Adviserende Raad Insake Rehabilitasie Aangeleenthede verwys na die volgende besluite wat deur die Komitee van Onderwyshoofde geneem is:

(a) Die aanbieding van voorkomingsprogramme deur persone en instansies buite skoolerband, sal onderhewig wees aan die goedkeuring van die onderwysowerhede.

(b) Inligtingsmateriaal sal deur die onderwysdepartemente gekeur en gekoördineer word en moet dus deur erkende kanale aan skole bekend gestel word.

'n Wye spektrum van belangstellendes, vrywilligers en professionele persone, word opgelei om sodoende die impak in die gemeenskap te vergroot. Toenemend word daar besef dat die breë publiek se siening en kennis verbreed moet word, sodat die probleem van dwelmmisbruik meer effektief aangespreek kan word.

Een van die SANRA-dienste wat toenemend veld wen, is die werknemershulpprogram (WHP). Die hoofdoelstellings van dié program is die vroeë identifisering en verwysing van werknemers met 'n middel probleem. Jaarliks word miljoene rande in Suid-Afrika verkwis as gevolg van dwelmmisbruik. Voorbeelde hiervan sluit in afwesigheid by die werk, swak werksprestasie (kwaliteit en kwantiteit) en beserings in dienstyd.

4.5.4 Tersiêre voorkoming stel dit ten doel om die duurte van die probleem so kort moontlik te hou. Hier het ons te doen met die behandeling van die gesin en die indiwidu, wat die verslawingsprobleem het. Aangesien hierdie vled nie deur hierdie studie gedek word nie, word daar met bogenoemde volstaan.

Ten laaste: daar word van die radio, nuusblaaie en tydskrifte gebruik gemaak om die publiek in te lig oor 'n verskeidenheid van aspekte wat verband hou met dwelmmiddelmisbruik.

## 4.6 SANRA en die dwelmaksies

Dit blyk uit die ontstaan, die ontwikkeling en funksionering van bestaande dwelmaksiegroepe (sien hoofstuk 5), dat SANRA 'n belangrike koördineringsfunksie het om te vervul. Tans funksioneer drie sulke onafhanklike komitees, onder die beskerming van SANRA.

Daar is ŉ nuwe bewustheid en betrokkenheid vanuit die gemeenskap wat waargeneem word. Hierdie verskynsel word later meer breedvoerig bespreek. (Sien hoofstuk 5).

## 4.7 Samevatting

SANRA is ŉ gesubsidieerde welsynsorganisasie wat oor die jare toenemend betrokke geraak het by primêre-, sekondêre- en tersiêre voorkomingsdienste ten opsigte van alkohol en dwelmmisbruik. Die organisasie se beleid en infrastruktuur maak voorsiening vir die praktiese betrokkenheid in die veld van voorkoming. Aangesien dwelmmisbruik in Suid-Afrika ŉ relatiewe jong probleem is en omdat heelwat inligting in verband met die aard en omvang nog ontbreek, vind ons dat die voorkomingsprogramme in ŉ proses van ontwikkeling is.

Een van die relatiewe tendense is die lewensstyl benadering. SANRA het nie genoegsame personeel en fondse om op ŉ groot skaal in die gemeenskap uit te reik nie. Die opleidings-rol van die organisasie word dus toenemend belangrik.

## HOOFSTUK 5

## Die Dwelm Aksie Komitees

### 5.1 Inleiding

Die tagtigerjare het die ontstaan en ontwikkeling gesien van die Dwelm Aksie Komitees, in die Kaapse Skiereiland.

In hierdie hoofstuk sal daar gekyk word na sekere aspekte ten opsigte van die komitees en hul werksaamhede. Aangesien dit so 'n resente ontwikkeling is, is daar minimale inligting op skrif beskikbaar en onderhoude is gevoer met mev Xandra du Plessis (supervisor by SANRA, Wes Kaaplandse Vereniging), Colin Bouwer (voorsitter van die Noordelike Area Dwelm Aksie Komitee) en mev Frieda Groenewald (sameroeper van die Hottentots Holland Dwelm Aksie Komitee).

## 5.2 Die ontstaan en ontwikkeling van die Dwelm Aksie Komitees in die Kaapse Skiereiland

### 5.2.1 Die Kaapstadse Dwelm Aksie Komitee

#### 5.2.1.1 Ontstaan en ontwikkeling

As gevolg van kommer onder professionele persone en die publiek ten opsigte van die toenemende dwelmmisbruik in die Kaapse Skiereiland, is daar onder die voorsitterskap van dr David Rabinowitz 'n Dwelm Aksie Komitee gevorm op 20 Mei 1983 tydens 'n gemeenskapsvergadering wat deur hom gereël is. Alle instansies betrokke by die probleem is betrek en daar was onder andere verteenwoordigers van kliniese dienste, staats welsynsorganisasies, gesubsidieerde welsynsorganisasies, diensgroepe, die Narkotiese Buro, die Departement van Justisie, die Departement van Opvoeding, Departemente van Universiteite en lede vanuit die publiek.

Dit blyk uit 'n memorandum (1983) van bogenoemde vergadering dat die bestaande bronne in die gemeenskap nie die aanleidende faktore en gevolge van dwelmmisbruik effektief kon hanteer nie. Daar is verder besef dat daar nie genoegsame inligting beskikbaar is ten opsigte van die probleme nie.

Reeds op hierdie vroeë stadium is dit duidelik uitgespel dat die fokus van die komitee drieledig sou wees naamlik: behandeling, opvoeding en navorsing. Daar is beplan dat die navorsing sou fokus op die aard en voorkms van dwelmmisbruik in die Skiereiland, sowel as die oorsake en voorkoming van dié probleem. Inligting wat reeds ingesamel is, is in hoofstuk 4 bespreek en sal dus nie nou weer aandag ontvang nie.

5.2.1.2 Die doelstellings van die Dwelm Aksie Komitee

Volgens die notule van die vergadering gehou op 24 Februarie 1984, blyk die doelstellings van bogenoemde komitee as volg te wees:

(a) Tersiêre Voorkoming: Binne-pasiënt behandeling vir persone by wie die graad van afhanklikheid dit vereis. Daar is gevoel dat die komitee nie op hierdie vlak 'n spesifieke rol te vervul het nie.

(b) Sekondêre Voorkoming: Die oprigting van 'n dwelm-evalueringseenheid in Kaapstad, waar die aard van dwelmgebruik/misbruik/afhanklikheid evalueer en verwys kon word.

(c) Primêre Voorkoming: Hierdie aspek dek opvoeding en intensiewe navorsing. Dit gaan hier

om die opvoeding van die breëre gemeenskap ten opsigte van dwelmmisbruik en die verandering van houdings. Die doelstelling stem dus ooreen met dié van SANRA ten opsigte van primêre voorkoming.

Veral ten opsigte van (b) en (c) het die Komitee 'n belangrike rol te vervul. Daar is op die vergadering van 24 Februarie 1984 besluit dat 'n loodskomitee, bestaande uit ses lede, saamgestel moes word, om sodoende die doelstellings effektief te implementeer.

5.2.2 Die Noordelike Area Dwelm Aksie Komitee (NADAK)

5.2.2.1 Ontstaan en ontwikkeling van NAOAK

Gedurende April 1986 is daar 'n seminaar oor dwelmmiddelmisbruik gehou in Durbanville. As uitvloeisel hiervan is 'n gemeenskapsvergadering belê vir 16 Junie 1986, waartydens die huidige NADAK gestig is.

In 'n onderhoud wat met dr Bouwer gevoer is op 12 Mei 1987 blyk die volgende faktore 'n rol te gespeel het in bogenoemde verwikkilinge:

- Die suksesse van die Kaapstadse Dwelm Aksie Komitee het nuwe stimulus in die veld van dwelmbekamping gegee. Mense het geïnspireerd geraak en besef dat hul 'n bydrae kan maak om in hul eie area, die probleem te bekamp.

- Die plaaslike behoefte kon nie effektief hanteer word deur die Kaapstadse Dwelm Aksie Komitee nie. Daar was faktore wat laasgenoemde diens vir die noordelike areas, minder toeganklik gemaak het. Die afstand was 'n probleem. Engels was oorwegend die taal wat gebesig is en die personeel van die Kaapstadse Dwelm Beraad Sentrum was, in die vroeë stadium van ontwikkeling, hoofsaaklik Joods. Die noordelike areas is oorwegend Afrikaans-sprekend en protestants-georiënteerd. 'n Plaaslike diens sou dié probleme verminder en daar is gehoop dat die publiek gouer sou uitreik om hulp.

- 'n Groeiende behoefte is in dié area waargeneem aan 'n kliniese, sowel as voorkomende diens.

Die Komitee het van die gemeenskap 'n mandaat ontvang om dwelmmisbruik te bekamp en 'n diens daar te stel, wat in die behoefte kon voorsien. Alle indiwidue, groepe en instansies wat belangstel en/of 'n bydrae kan maak in dié veld, is verteenwoordig op NADAK.

5.2.2.2 Die doelstellings van NADAK

Volgens 'n skrywe van die Voorsitter aan die komiteelede op 4 Augustus 1986, kan NADAK se doelstellings as volg uiteengesit word:

- Die voorsiening en instandhouding van 'n in-stap buite-pasiënt kliniek vir die noordelike areas en omgewing. Hierdie diens moet beskikbaar wees vir alle lede van die gemeenskap, sonder enige diskriminasie. Die diens moet 'n eerste kontakpunt wees vir dwelmmisbruikers en hul families wat om hulp uitreik.

- Om behandeling voor te skryf aan pasiënte. Dit kan binne-pasiënt behandeling wees óf die verwysing na bekwame instansies in die gemeenskap.

- Om toe te sien dat personeellede se werksaamhede gemonitor word en dat opleiding verskaf word, sodat 'n hoë kwaliteitsdiens verskaf kan word.

- Om fondse in te samel sodat daar in die plaaslike behoeftes voorsien kan word, tot en met subsidiëring verkry word.

- Om druk uit te oefen by owerheidsweë vir die

totstandkoming van 'n gespesialiseerde binne-pasiënt behandelingsentrum vir dwelmafhanklikes.

- Om die publiek bewus te maak van die probleem, sowel as om oorredende dwelmopvoeding in die gemeenskap te loods.

5.2.3 Die Hottentots-Holland Dwelm Aksie Komitee (HHDAK)

5.2.3.1 Die ontstaan en ontwikkeling van die HHDAK

In die eerste verslag 1985 van bogenoemde Komitee, word daar genoem dat die Afrikaanse Vroue Vereniging (ACVV) van Somerset-Wes toenemend bewus geword het van die dwelmprobleem in die Hottentots-Holland area, gedurende die tydperk 1981 tot 1982 van. Daar was 'n toename in aanmeldings van jeugdiges wat probleme met dwelms ervaar het, by plaaslike welsynsorganisasies.

Die behoefte aan 'n binne-pasiënt behandelingsentrum vir jeugdige dwelmafhanklikes het dus gegroei.

'n Dwelm Aksie Groep, wat bestaan het uit die maatskaplike werkers van die ACVV, 'n dominee van die Ned. Gereg. Kerk en twee skoolsielkundiges, is gevorm.

Hulle het in April 1982 'n simposium vir ouers gereël wat deur 480 persone bygewoon is.

Die groep het kontak gemaak met plaaslike dokters en aptekers en hul gemotiveer om ook betrokke te raak by dié poging. Die ACVV is ook in hierdie tydperk deur vrouegroepe gekontak om behulpsaam te wees met besprekings insake die plaaslike dwelmprobleem.

Dit was dan ook in hierdie tydperk dat die Kaapstadse Dwelm Aksie Komitee die lig gesien het, onder die leiding van dr. David Rabinowitz. Die logiese stap wat gevolg het, was dat die Somerset-Wes groep by die Kaapstadse Dwelm Aksie Komitee geaffilieer het. Dit was ook op hierdie stadium dat dit duidelik geword het dat 'n behandelingsentrum vir dwelmafhanklikheid, onafhanklik van die gewone welsynsorganisasie sou moes funksioneer. Die Somerset-Wes groep het ook gevind dat dit prakties moeilik was om kliënte na Kaapstad te verwys, en dat 'n plaaslike diens ontwikkel moes word.

Die maatskaplike werker van die ACVV (mev. Lange) en die stadsklerk (mev Young) het aan die einde van 1984, dr. Rabinowitz genader om belangstellendes toe te spreek in verband met die ontwikkeling van 'n plaaslike dwelmsentrum. 'n Verdere vergadering is beplan op 28

Mei 1985, waartydens die tweede (en huidige) HHDAK gestig is.

Gedurende 'n vergadering op 26 Junie 1985 is die fokus van werksaamhede bepaal, naamlik:

(a) gemeenskapsopleiding,

(b) behandeling

(c) finansies en publisiteit.

Dwelms anders as alkohol sou die aandag kry en die teikengroep sou veral jeugdiges wees. Die verteenwoordiger van die Bevolkings Ontwikkelings Program (mev. Groenewald) tree as administratiewe koördineerder op vir die HHDAK.

5.2.3.2 Die doelstellings van die HHDAK

In die Konstitusie van die HHDAK (1987: 5) word die doelstellings van dié komitee as volg uitgespel:

- Om voorsiening te maak vir die opleiding van geselekteerde personeel sodat dwelmmisbruik bekamp kan word en afhanklikes behandel kan word.

- Om oorredende dwelm opvoeding programme te loods in die totale gemeenskap.

- Om 'n in-stap, buite-pasiënt evalueringsdiens daar te stel wat ook ondersteuning aan ouers en families kan gee.

- Om alle dienste aan die jong dwelmmisbruikers in die Hottentots-Holland area te koördineer.

- Om nasorgdienste te verskaf aan persone wat binne-pasiënt behandeling ontvang het, ook indiwidue wat van die Kaapstadse Dwelm Beraad Sentrum gebruik gemaak het.

- Om alle advertensies en aktiwiteite wat dwelmmisbruik aanmoedig te monitor en sulke insidente op te volg met instansies wat verantwoordelik is vir die aktiwiteite.

- Om as mondstuk op te tree en formele versoeke te rig aan owerhede ten opsigte van beleid, wetgewing, dienste en behoeftes in die veld van dwelmbekamping.

## 5.3 Affiliasie by SANRA

Hierdie afdeling word ingesluit, aangesien dit vir al drie die Dwelm Aksie Komitees belangrik is dat daar duidelikheid by die publiek, sowel as kundiges sal wees ten opsigte van die ontstaan en funksionering van die komitees.

Al drie die Dwelm Aksie Komitees is gestig as onafhanklike outonome liggame.

Dit het egter gou duidelik geword dat die status van die komitees onvoldoende sou wees vir die aard en omvang van projekte wat beplan is. Die komitees het dus onderskeidelik affiliasie gesoek by ŉ moederliggaam wat administratiewe ondersteuning, fondsinsamelingsfasiliteite, offisiële status en verteenwoordiging by owerhede gehad het. Die beplande Dwelm Evaluering Sentrum sou veral hierdie oorkoepelende liggaam benodig het.

Die Dwelm Aksie Komitee van Kaapstad het gedurende 1985 amptelik geaffilieer by SANRA, Wes-Kaaplandse Vereniging. Die ander het kort na hul ontstaan ook geaffilieer en tans funksioneer hul as ŉ sub-komitee van SANRA, Kaapstad. Die voorsitter van elke Dwelm Aksie Komitee het dus ŉ lid geword van SANRA (Kaapstad) se uitvoerende Komitee.

Die komitees sou onafhanklikheid behou ten opsigte van:

(1) Beleidsbepaling vir die Komitees en sy werksaamhede.
(2) Fondse van die Dwelm Aksie Komitee sou afsonderlik geadministreer word, uitsluitlik vir die doel waarvoor dit bekom is.
(3) Personeel aanstellings is gesien as die verantwoordelikheid van die voorsitter van die Dwelm Aksie Komitee.

Bogenoemde werksaamhede en verantwoordelikhede sou in samewerking met SANRA geskied.

## 5.4 Werksaamhede van die Komitees

Een van die projekte wat die lig gesien het in Kaapstad was die ontstaan van 'n Dwelm Beraad Sentrum (The Cape Town Drug Counselling Centre). Die statistieke wat reeds deur hierdie sentrum ingesamel is, is weergegee in hoofstuk 4.

Elkeen van die Dwelm Aksie Komitees het sub-komitees, om te help met effektiewe funksionering. Elk het onder meer 'n sub-komitee vir opvoedkundige dwelmvoorkoming.

Die doelstellings van hierdie sub-komitees fokus soos SANRA, op primêre en sekondêre voorkoming van dwelmmisbruik onder die algemene publiek. Jeugdiges is 'n belangrike teikengroep. Die doelstellings kan as volg weergegee word.

(a) Die daarstelling van 'n inligtingspaneel om die publiek bewus te maak van dwelmmisbruik.

(b) Die koördinering van aktiwiteite van alle instansies betrokke by die voorkoming van dwelmmisbruik.

(c) Die klassifikasie van strategieë en die metodologie van oorredende dwelmopvoeding.

(d) Die ontwikkeling en koördinering van bronne in diens van oorredende dwelmopvoeding.

(e) Om die effektiwiteit van sulke opvoeding na te vors.

Soos by SANRA, word opvoedkundige voorkoming sessies aangebied aan 'n verskeidenheid van groepe, volgens die aanvraag vanuit die gemeenskap. Dié diens funksioneer goed by die KDAK en die NADAK, aangesien hul kundiges het wat goeie openbare sprekers is, bv. dr David Rabinowitz en dr Colin Bouwer. Die HHDAK word in 'n mindere mate gebruik, aangesien hy nie sulke hoë-profiel kundiges in die gemeenskap het nie. Hier organiseer die komitee egter geleenthede waarheen kundiges genooi word om op te tree.

Tydens 'n onderhoud met mev Xandra du Plessis (supervisor SANRA Wes-Kaaplandse Verenging), op 28.07.87, het sy genoem dat die dienste van hierdie sub-komitees as aanvullend tot dié van SANRA gesien moet word. Volgens haar het SANRA nie die nodige mannekrag om die totale Kaapse Skiereiland effektief te bedien nie. Aansoeke moes reeds in die verlede weggewys word, weens die tekort aan mannekrag, tyd en fondse. Die plattelandse area is 'n braakland en daar is gehoop dat die SANRA Stellenbosch kantoor, met verder geleë projekte behulpsaam kon wees. Weens die sluiting van die laasgenoemde kantoor moes daar egter weer na prioriteite gekyk word. Die werksaamhede van die Dwelm Aksie Komitees maak dus die las vir SANRA ligter.

Volgens ŉ notule van die NADAK van 18 Augustus 1986, is daar byvoorbeeld begin met die beplanning van ŉ ouerleidingskursus. Dr Colin Bouwer het die skrywer tydens die onderhoud op 12.05.87 meegedeel dat daar toenemend besef word dat ouers leiding nodig het ten opsigte van die hantering van jeugdiges. Die verskynsel van dwelmmisbruik is vir die ouer geslagte minder bekend en ouers skakel hom dikwels om hulp te vra ten opsigte van die hantering van jeugdiges wat dwelms gebruik. (sien statistieke: hoofstuk 4).

Die Dwelm Aksie Komitees het almal sub-komitees vir die insameling van fondse. Die HHDAK en die NADAK steun tans nog op die gemeenskap om projekte te finansier, tot en met die tyd dat subsidiëring verkry kan word.

Almal is verder aktief besig om inligting in te samel in verband met die voorkoms van dwelmgebruik. Alle statistiek wat huidiglik beskikbaar is, is in hierdie skrywe vervat (Hoofstuk 4).

## 6. SAMEVATTING

Dit blyk uit hierdie hoofstuk dat daar veral in die tagtiger jare ŉ opflikkering was in die belangstelling van die publiek in die dwelmprobleem. Dit het egter verder gegaan as ŉ blote passiewe belangstelling en die gemeenskap het self betrokke geraak.

Een van die redes hiervoor was die feit dat die probleem in die samelewing toenemend begin uitkring het en mense gekonfronteer is met situasies, wat vir hul vroeër onbekend was. Die skrywer van hierdie verslag is van mening dat die gevolge van dwelmmisbruik visueel geword het en dat die gemeenskap in ŉ groter mate bewus geword het van die realiteit van die dwelmvraagstuk.

Die Kaapse Skiereiland is nie gespaar nie en die oomblik toe die behoefte aan hulp geëskaleer het, het leek en kundige besef dat ons nie ingerig is vir die hantering van die probleem en die effektiewe bekamping daarvan nie.

Die behoefte aan navorsing het oral na vore gekom en toenemend word onafhanklike studies onderneem, om veral in plaaslike behoeftes te voorsien. Die statistieke van die onderskeie dwelm-aksie groepe, sal waarskynlik in die toekoms steeds gebruik word om vir kliniese dienste te motiveer (binne- en buite-pasiënt behandeling).

Die Dwelmaksie Groepe het egter ook almal die behoefte aan 'n primêre- en sekondêre voorkomingsdiens raakgesien en tans lewer hul almal insette in dié verband.

Die belangrikheid van koördinering van projekte (navorsing ingesluit) word deur almal besef en 'n mens kan maar net hoop dat dit toenemend prakties geïmplimenteer sal word.

# HOOFSTUK 7

## 7. AANBEVELINGS

In hierdie hoofstuk sal die skrywer poog om ŉ bydrae te maak, deur sekere aanbevelings te doen.

Dit is duidelik dat daar ŉ toename is in dwelmgebruik onder die jeug. Raka het die kamp ingesluip, sonder dat ons hom herken het. Dit is egter verblydend dat daar toenemend gefokus word op die realiteit van dwelmmisbruik in ons samelewing.

Die Suid-Afrikaanse Nasonale Raad insake Alkoholisme en Dwelmafhanklikheid lewer insette op primêre, sekondêre en tersiêre vlak. Opvoedkundige voorkomingsprogramme moet die totale bevolking bereik. Hiervoor is ŉ groot korps werkers nodig, sowel as finansiële middele. Wanneer die bestaande diens gemeet word aan die behoefte, blyk dit dat daar heelwat tekort geskied word. Die huidige departementele stelsel van subsidiëring maak die uitbreiding van dienslewering moeilik, aangesien ŉ behoefte eers bewys moet word. Alhoewel hierdie beginsel in prinsiep aanvaar word, skep dit probleme, veral in ŉ veld soos dwelmmisbruik. Die dwelmeksperimenteerder, -misbruiker en -afhanklike sal gewoonlik die laaste persoon wees wat om hulp sal uitreik. Hierdie aktiwiteite is dikwels onwettig en word gewoonlik buite die publieke oog bedryf.

Daar behoort dus weer gekyk te word na die kriteria vir subsidiëring en daar word aanbeveel dat organisasies, wat betrokke is by primêre en sekondêre voorkoming, spesiale aandag en ondersteuning moet verkry. Nuwe projekte, wat gemik is op opvoeding van die gemeenskap, behoort op ŉ vroeër stadium finansiële steun te ontvang.

SANRA handhaaf ŉ hoë standaard ten opsigte van die kwaliteit van voorkomingsprogramme. In die Kaapse Skiereiland en in ander dele van die land, is daar egter nog nie daarin geslaag om die swart bevolking te bereik nie. Een van die struikelblokke is natuurlik die tekort aan opgeleide personeel wat ŉ swart taal magtig is. Die materiaal wat tans gebruik word, is hoofsaaklik gemik op die Blanke en Kleurlingbevolking. Daar word aanbeveel dat hierdie saak dringende aandag moet geniet. Die realiteit is dat wanneer voorkomingswerk effektief gedoen word, daar altyd (al is dit op ŉ later stadium) verwysings sal voortvloei. Dit mag dus die sleutel wees vir die bereiking van hierdie groep. Tot op hede het al die dwelmaksie groepe buite swart gebiede ontwikkel, wat dus die diens minder toeganklik gemaak het.

Daar bestaan ook ŉ behoefte aan voorkomingsprogramme uit eie bodem, wat beter in pas sal wees met die Suid-Afrikaanse konteks en die kulturele verskeidenheid. Die skrywer beveel aan dat daar by die voorskoolse- en primêre skool kind begin kan word. Skrywers van kinderboeke behoort betrek te word om hul talente aan te wend, in hierdie belangrike veld.

Soos in die programme vir die laerskoolkind, word daar ook gefokus op die ontwikkeling van 'n gesonde leiersstyl, by die hoërskool leerling. Tans is daar egter geen gestandardiseerde materiaal nie. Daar word aanbeveel dat hierdie aangeleentheid op streeksvlak gekoördineer en behartig moet word, en dat 'n forum geskep word waar aanbieders uit mekaar se foute en suksesse kan leer.

'n Verskeidenheid instansies, komitees en indiwidue het reeds toegetree tot die veld van dwelmbekamping. Alhoewel die ywer en bereidwilligheid tot betrokkenheid prysenswaardig is, kan dit in die toekoms probleme skep. Die aanbieders en materiaal wat gebruik word behoort geselekteer en gemonitor te word,veral aangesien dit 'n hoogs gespesialiseerde veld is. Die kind word gehelp in die ontwikkeling van 'n eie lewensstyl en in dié proses speel die modellering van die aanbieder/volwassene 'n groot rol. Dit gaan dus hier om meer as net kwaliteit, maar ook om die beskerming van die kind, die skool en die gemeenskap.

Om die impak op skoolvlak te vergroot, word daar aanbeveel dat veral voornemende voorligting sielkundiges, op voorgraadse vlak 'n kursus moet deurloop wat hul sal toerus vir dwelmvoorkomingsprogramme. Dit sal egter 'n besluit op departementele vlak moet wees, sodat daar verseker kan word dat dit in die praktyk, op 'n deurlopende basis realiseer.

Dwelmmisbruik en die probleme wat daaruit voortvloei, beïnvloed die leerling se vermoë om akademies te presteer. Dit is dus belangrik dat elke skool ŉ definitiewe skoolbeleid sal hê ten opsigte van dwelmmisbruik.

Die houding van die onderwysers is belangrik, aangesien dit die effektiwiteit van so ŉ beleid sal bepaal Daar word aanbeveel dat die volgende by so ŉ beleid ingesluit sal word:

1) Dwelmmisbruik/afhanklikheid behoort deur die personeel gesien te word as ŉ gesondheidsprobleem wat behandelbaar is.
2) Leerlinge wie se akademiese vermoëns negatief beïnvloed word deur dwelmmisbruik/afhanklikheid behoort voor ŉ keuse gestel te word ten opsigte van behandeling. Indien ŉ leerling hulp aanvaar en samewerking bied, behoort daar ŉ waarborg gegee te word dat daar nie teenoor so ŉ leerling gediskrimineer sal word nie.

Indien ŉ leerling egter weier om van hulp gebruik te maak, behoort die gewone dissiplinêre stappe, wat reeds in werking is by skole, gebruik te word.

Dit is vir die skrywer baie belangrik dat behandeling nie aan die leerling geïnterpreteer moet word as straf nie. Dit sal kontra-produktief wees. Daar word besef dat die terapeut lig sal moet loop en dat manipulering van die leerling op ŉ vroeë stadium gestuit sal moet word. Hierdie tipe eksterne druk, vergroot egter

die moontlikheid op sukses. Dié krisissituasie kan positief aangewend word om die leerling te help met die ontwikkeling van insig.

Die leerkragte en skoolkomitees behoort deeglik georiënteer te word ten opsigte van so 'n skoolbeleid. Opleiding aan onderwysers sal dan ook insluit die uitkenning van simptome van dwelmmisbruik en die uitspelling van die onderwyser se rol in die hulpproses.

Op hierdie stadium word te min leerlinge verwys na SANRA en ander bronne in die gemeenskap en daar kan dus aangeneem word dat hierdie leerlinge nie uitgeken word nie. Die wat wel na vore kom en/of uitgevang word, word op alternatiewe wyses hanteer - gewoonlik volgens die gewone dissiplinêre kode.

Ouers behoort ook meer betrek te word in die bekamping van dwelmmisbruik. Indien ouers gemobiliseer kan word, kan hul 'n belangrike rol speel om 'n gegewe area dwelmvry te hou. Bekommerde ouers kan byvoorbeeld drukgroepe in die gemeenskap vorm. Wanneer hul vasgestel het waar jeugdiges dwelms bekom, kan hul skuldige eienaars van hotelle, disko's ens., waarsku dat hul bewus is van die feit dat alkohol aan minderjariges verskaf word en/of dwelms op die perseel verkoop/beskikbaar is. Volgehoue druk is nodig om 'n sukses van so 'n poging te maak.

Dit is belangrik dat die inisiatief van die ouers sal kom en nie

van die onderwysers nie. Weerstand vanaf die leerlinge se kant kan opgebou word teenoor onderwysers wat in sulke projekte betrokke raak en dit sou kontra-produktief wees. Die boodskap aan alle partye wat betrokke is by dwelmmisbruik, sal 'n sterk en duidelike boodskap moet wees, naamlik dat die verskaffing van dwelms en die misbruik daarvan, nie langer geduld sal word nie.

Daar word verder aanbeveel dat daar voortgegaan word met navorsing op plaaslike vlak, al sou dit net beperkte studies behels. Hierdie inligting is, soos reeds genoem, van kardinale belang in die beplanning van voorkomingsprojekte in 'n gegewe gebied. So sal ons mettertyd wel die werklike voorkoms van dwelmmisbruik kan bepaal. Hierdie navorsing behoort ook op streeksvlak gekoördineer te word, sodat oorvleueling en uitskakeling vermy kan word.

Daar word verder aanbeveel dat die Nasionale Adviserende Raad Oor Rehabilitasie-Aangeleenthede, sy taak as koördineerder van navorsing moet voortsit. Dit is duidelik dat hierdie Raad reeds 'n belangrike bydrae gemaak het. Die navorsingsregister van hierdie liggaam kan uitgebrei word om kleiner nie-akademiese studies in te sluit. Heelwat van die materiaal gaan verlore omdat mense nie bewus daarvan is nie.

Die skrywer is ook van mening dat navorsing nie sy regmatige plek inneem by SANRA nie. Dit is jammer aangesien hierdie organisasie op gemeenskapsvlak beweeg en in die posisie is om waardevolle

inligting in te samel. Fondse is natuurlik 'n probleem en 'n mens kan maar net hoop dat daar in die toekoms, spesifieke fondse beskikbaar gestel sal word vir die doel.

Die belangrikheid van studies op nasionale vlak moet egter ook nie onderskat word nie. In teenstelling met Amerika, beskik ons oor weinig inligting en dit bemoeilik die taak geweldig baie. Indien organisasies soos die RGN en SANRA kragte saamspan, kan so 'n taak aangepak word. Dit blyk nie in hierdie stadium of die staat hom tot 'n nasionale studie sal verbind nie.

'n Mens kan spekuleer oor die faktore wat hiertoe bydra byvoorbeeld:

(a) 'n Studie van nasionale omvang sal heelwat geld kos en die ekonomiese situasie blyk nie rooskleurig te wees nie;

(b) Ons beskik nog nie oor gestandardiseerde toetse vir dié doel nie en die kulturele verskeidenheid van die land het tot gevolg dat dit dus 'n reuse projek sal wees.

(c) Ongelukkig is dit ook waar dat daar steeds mense in leierskapposisies is, wat onbewus en onkundig is ten opsigte van die erns van die probleem.

(d) Die ontkenning en minimalisering van die probleem vorm deel uit van die verdedigingsmeganismes van die samelewing.

Daar is ook heelwat mites en vooroordele ten opsigte van dwelms, dwelmgebruik en die tipe persoon wat by dwelmgebruik betrokke raak. Hierdie faktore dra daartoe by dat daar 'n sekere mate van weerstand is teenoor navorsing in dié veld.

(e) Ten spyte van die feit dat die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, sowel as die RGN onderskeidelik navorsing afdelings het wat op die dwelmvraagstuk fokus, blyk daar steeds areas te wees wat uitgesluit word.

Koördineringsliggame behoort weer te kyk na prioriteite, veal in die lig van die toenemende behoefte wat waargeneem word onder die jeug (uitsluitend die behoeftes van indiwidue wat reeds afhanklik is).

Die Bevolkings Ontwikkelingsprogram stel hom dit ten doel om gemeenskappe betrokke te kry in die voorsiening van eie behoeftes. Die finansiële las word sodoende vir die staat, verlig, maar gemeenskappe moet nou self maniere vind om in dié behoeftes te voorsien. Een van die positiewe gevolge hiervan is die feit dat daar 'n groter mate van samewerking is tussen bronne wat reeds bestaan. Verder word daar gekyk hoe bestaande bronne optimaal benut kan word sodat daar meer effektief in die groeiende behoeftes voorsien kan word.

Dwelmmisbruik is egter 'n nasionale vraagstuk en dit sou onredelik wees indien daar verwag sou word dat al die behoeftes op

plaaslike vlak behartig moet word. Die moeilike ekonomiese tye het ook tot gevolg dat die man in die straat sy beursie styf toehou en dit word toenemend moeiliker om fondse te bekom. Die skrywer glo dat die staat ŉ besliste rol te speel het ten opsigte van al drie vlakke van voorkoming. Die privaatsektor en die staat behoort saam hierdie probleem te bekamp.

Ten opsigte van nasionale studies kan die skrywer ook maar net die belangrikheid onderskryf dat sulke studies, uitgebrei sal word tot alle bevolkingsgroepe. ŉ Nasionale studie sal verder verseker dat ŉ eenvormige stelsel gebruik word vir die insameling van inligting en vergelykings kan dus makliker getref word.

Ten opsigte van die dwelmaksie groepe, die volgende:

- Die toenemende gemeenskapsbetrokkenheid is verblydend. In die gemeenskappe waar hierdie groepe funksioneer, word daar baanbrekerswerk gedoen en in relatief kort periodes, sien verskeie nuwe projekte die lig. Die ontwikkeling is dus dinamies en daar blyk heelwat potensiaal te wees vir die toekoms.

- Dit is duidelik dat sterk leiers benodig word aangesien hierdie projekte almal op ŉ vrywillige basis begin is.

- Die samewerking tussen die verskillende groepe blyk goed te wees en SANRA vervul 'n belangrike funksie ten opsigte van koördinering. Die skrywer wil egter tog aanbeveel dat daar gedink moet word in terme van 'n uitvoerende komitee vir al hierdie groepe. Dit blyk asof die dwelmaksie groepe gekom het om te bly en dat meer gemeenskappe die voorbeeld gaan volg. Effektiewe koördinering sal dus toenemend belangrik word. Dit sal voorkom dat elke groep in 'n ander rigting reik, dat bestaande dienste in stand gehou word voordat nuwes aangepak word, navorsing kan gesamentlik meer effektief aangepak word, ens.

Die realiteit is ook dat elke groep nie in staat sal wees (finansieël) om 'n kliniese diens te onderhou nie. Alternatiewes sal dus gesoek moet word bv. die moontlikheid van 'n rondgaande buite-pasiënt kliniek, waar afhanklikes hulp kan bekom ensovoorts.

Dit is egter interessant dat al drie hierdie gemeenskappe oortuig was van die probleem in hul midde. Hul was oortuig genoeg om op eie stoom te begin, sonder finansiële ondersteuning of beloftes vir toekomstige fondse van die staat. Dit opsig self gee 'n mens 'n goeie idee van die erns waarmee die probleem bejeën word. Dit was ook van die begin af die doelstelling van al hierdie groepe om navorsing te doen en sodoende die voorkoms van die probleem te probeer vasstel. Tans is al drie groepe besig met navorsing in dië verband.

Ten slotte beveel die skrywer aan dat hiedie groepe voorsiening sal maak vir 'n sub-komitee vir jeugdiges. Die jeug moet self besluite neem en vorming gee aan die toekomstige samelewing.

Hulle is in staat om die negatiewe drukgroepe in die samelewing teen te staan, deur positiewe groepsdruk en die handhawing van 'n gesonde lewensstyl.

Die dwelmvraagstuk sal nie vanself verdwyn nie. Heelwat jeugdiges was reeds slagoffers. Die totale samelewing, op alle vlakke, sal hierdie euwel saam moet bekamp.

## BIBLIOGRAFIE

### Boeke


Baumrind, D. en Moselle, K.A.

"A Developmental Perspective on Adolescent Drug Abuse", in Stimmel, B (Ed) Alcohol and Substance Abuse in Adolesence, The Howard Press, 1985: 44-51.

Blum, A. en Singer, M.

"Substance Abuse and Social Deviance: A youth assessment framework, in Isralowitz, R. en Singer, M (Ed.). Adolescent Substance Abuse: a Guide to Prevention and Treatment, The Howard Press, New York, 1983.

Blumberg, H.

"Drug Taking" in Rutter, M. en Hersov, L. Child Psychiatry - modern approaches. Blackwell Scientific Publications, Oxford, 1979.

Braucht, G.N.

"Psychosocial Research on Teenage Drinking". In F.Scarpitti and S. Datesman (Eds.) Drugs and the Youth Culture, Beverly Hills, Cal.: Sage Publications, 1980, 109-143.

Caplan, G.

Principles of Preventative Psychiatry, Travistock Uitgewers, Londen, 1964.

Clausen, J.A.

"Drug Use" in Merton en Nisbet (Ed.) Contemporary Social Problems, Harcourt Brace Javonouich, Inc., Columbia, 1976.

Clinard, M.B. ed.

Anomie and Deviant Behavior: A Discussion and Critique. Free Press, New York, 1967: p. 158-188.

Cockett, R.

Drug Abuse and Personality in Young Offenders, Butterworths, London, 1971.

Conger, J.J.

Adolescence and Youth Psychological Development in a Changing World. Second edition. Harper International Edition, New York, 1977.

Erikson, E.H.

Identity: Youth and Crisis, Norton & Co., New York, 1968.

Fuqua, P.

Drug Abuse: Investigation and Control, Gregg Division/McGraw Hill Book Comp., New York, 1978.

Gay, Martyn

"Adolescence and Drugs" in Meyerson, S. (ed)., Adolescence and Breakdown, George Allen & Unwin Ltd., London, 1975.

Goldberg, P. en Meyers, E.

The Facts About "Drug Abuse", The Free Pess, London, 1980.

Gould, R.E.

"Psychological Management of Adolescent Drug Abuse", in Kalogerakis, M.G. The Emotionally Troubles Adolescent and the Family Physician, Charles C. Thomas Pub., Illinois, 1973.

Holan, R.L.

*The Fence At The Top of The Hill: A Prevention Manual for Alcohol Health Educators*, Printers unknown, Ohio, 1979.

Kandel, D.B.

"On Processes of Peer Influences in Adolescent Drug Use: A Developmental Perspective", in Stimmel, B. (Ed.). *Alcohol and Substance Abuse in Adolescents*, The Howard Press, 1985: 139-161.

Lettieri, D.J.

"Drug Abuse: a Review of Explanations and Models of Explanation" in Stimmel, B: *Alcohol Abuse and Substance Abuse in Adolescence*, The Howard Press, 1985: 9-23.

Light, P.K.

*Let the Children Speak*, Lexington Books, Toronto, 1975.

Lindesmith en Gagnon,

"Anomie and Drug Addiction", in Cunard, M.B. (ed.), *Anomie and Deviant Behavior: A Discussion and Critique*, Free Press, New York, 1967.

Low, K.

*A Basic Manual for Trainers : Core Knowledge in the Drug Field*, National Planning Committee on Training of the Federal Provincial Working Group on Alcohol Problems, Alta, 1978.

Merton, Robert K

*Social Theory and Social Structure*, Free Press, New York: 1957.

Mitchell, A R K (ed)

Drugs - the Parent's Dilemma, Prioey Press Ltd, London, 1972.

Nisbet, Robert

The Quest for Community, Free Press, New York; 1970.

Singer, M. en Isralowitz, R

"Introduction: Understanding Adolescent Substance Abuse", in Isralowitz, R. en Singer, M. (Ed.): Adolescent Substance Abuse: a Guide to Prevention and Treatment, The Howard Press, New York, 1983.

Study Group on Education and Drug Dependence, Blackman, H.J. (Chairman). Education and drug dependence, Methuen Educational Ltd., London, 1975.

Swisher, J.D.

"The Effectiveness of Drug Education: Conclusions based on Experimental Evaluations", in Goodstadt, M. (Ed.): Research on Methods and Programs of Drug Education, Addiction Research Foundation of Ontario, Toronto, 1973.

Konferensies

The S.A. Conference on Dagga. 14 and 15 Sept. 1983, University of Natal, Durban, 1983.

Conference on the Abuse of Drugs. 22 April 1969, Durban.

Die Dagkonferensie oor Dwelmmisbruik en die Misbruik van Medisyne. 19 April 1979, Konferensiesentrum van die WNNR, Pretoria, 1979.

The First South African International Conference on Alcoholism and Drug Dependence. 4-8 November 1974, Kaapstad, 1974.

Konstitusies/Memorandums/Notules/Statistieke

Konstitusie: Hottentots-Holland Dwelm Aksie Komitee, Somerset-Wes, 1987.

Memorandum: Drug Action Committee, Cape Town, 9 Nov. 1983.

Memorandum: Die Noordelike Area Dwelm Aksie Groep, Durbanville, 4 Aug. 1986.

Memorandum: Dwelm Aksie Komitee, Kaapstad, 15 April 1985.

Notule: Die Noordelike Areas Aksie Komitee, Durbanville, 18 Aug. 1986.

Notule: Die Hottentots-Holland Dwelm Aksie Komitee, Somerset-Wes, 26 Junie 1985.

Notule: Die Hottentots-Holland Dwelm Aksie Komitee, Somerset-Wes, 2 Aug. 1985.

Notule: Die Aksiekomitee insake Dwelmmisbruik, Kaapstad, 24 Februarie 1984.

Notule: Die Aksiekomitee insake Dwelmmisbruik, Kaapstad, 26 Oktober 1984.

Statistieke: Kaapstadse Dwelm Beraad Sentrum, Febr. 1985-Jan. 1986.

<u>Primêre bronne</u>

Bouwer, Colin. Mediese praktisyn verbonde aan Tygerberg Hospitaal en Voorsitter van NADAK. Onderhoud gevoer op 12 Mei 1987.

Du Plessis, Xandra. Supervisor van SANRA Wes-Kaaplandse Vereniging. Onderhoud gevoer op 28 Julie 1987.

Groenewald, Frieda. Sameroeper van die HHDAK en gemeenskapswerker van die Bevolkings Ontwikkeling Program, Departement Gesondheid, Hottentots-Holland area. Onderhoud gevoer.

<u>Tesisse</u>

Levin, A.

<u>'n Ontleding van die gebruik van dwelmmiddels en sekere gevolge daarvan met klem op Cannabis Sativa.</u> Stellenbosch, Universtieit van Stellenbosch, 1974. (D.Phil.-proefskrif in Geneeskunde.)

Theron, F.

<u>The dagga-problem: a sociological perspective</u>. Ongepubliseerde MA tesis, Universiteit van Kaapstad, 1974.

<u>Tydskrifte</u>

Alarcon, R. en Rathod, N.H.

"Prevalence of Early Detection of Heroin Abuse". <u>British Medical Journal</u>, 2, 1968: 549-53.

Anumonye, A. en McClure, J.L.

"Adolescent Drug Abuse in a North London Suburb." British Journal of Addiction, 65, 1979, 25-33.

Ben Arie, O.

"Cannabis Abuse in the R.S.A." The South African Journal of Continuing Medical Educaiton, Dec. 1984, 2, 13-17.

Dennehy, C.M.

"Childhood Berearement and Psychiatric Illness". British Journal of Psychiatry, 112, 1966, 1049-69.

Herr, P. en Morley, J.E.

"Drug Use Patterns Among South African Undergraduates". Suid-Afrikaanse Mediese Tydskrif, vol. 46, 1872: 1404-1406.

Kandel, D.

"Epidemiological and Psychosocial Perspectives on Adolescent Drug Use". Journal of the American Academy of Child Psychiatry, 21, 1982: 328-347.

Lane, D.A.

"Predictors of Drug Use". Community Health, 8, 1976: 12-15.

Levin, S.M.

"Dagga (Cannabis) Usage Among Medical Students in Johannesburg". Suid-Afrikaanse Mediese Joernaal, vol. 63, 1983: 607-609.

Mott, J.

"Psychological Basis of Drug Dependence: Intellectual and Personality Characteristics of Opiate Users". British Journal of Addiction, 67, 1970: 89-99.

Plant, Martin A

"Drugtaking and Prevention: The Implications of Research for Social Policy". British Journal of Addiction, 75, 1980: 245-254.

Rocher, J.V., Guess, L., Hubard,R., and Maisto, S.

"Alcohol Misuse by Adolescents". Alcohol Health and Research World, 6, 3, 1982: 61-75.

Seeman, Melvin

"On the Meaning of Alienation", American Sociological Review, XXIV, No.6. Dec. 1959: 783-791.

## Verslae

America. National Institute on Drug Abuse, Student Drug Use in America: 1975-1982. Maryland, Press Office of the National Institute on Drug Abuse, February 1983.

South Africa. Cape Town Drug Counselling Centre, Annual Report: 01.04.86 to 31.03.87 . Getikte verslag, Kaapstad, 1987.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme en Dwelmafhanklikheid. Jaarverslag: 1985. Gedruk deur SANRA, Kaapstad, Maart 1985.

Die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad insake Alkoholisme en Dwelmafhanklikheid. Jaarverslag: 1987 Gedruk deur SANRA, Kaapstad, Maart 1987.

Die Universiteit van Wes-Kaapland. Instituut vir Sosiale Ontwikkeling. Daggagebruik in die Kaapse Skiereiland. Verslag NRJP 18/2, Kaapstad, 1983.

Human Services Research Council (South Africa.) Institute for Sociological, Demographic and Criminological Research. Van der Burgh, C. Drugs and South African Youth, Report no. 5-38, Pretoria, Staatsdrukker, 1983.

National Council on Alcoholism (Amerika). Babes: Beginning Alcohol Basic Education Studies, Greater Detroit Area, Michigan, October 1980.

Noordelike Areas Dwelm Aksie Komitee. Dwelmverslag (dr. Colin Bouwer), Durbanville, 1986.

Raad vir geesteswetenskaplike Navorsing. (Suid-Afrika). Engelbrecht, S.W.H. Dwelmmiddelmisbruik as opvoedingsprobleem, Verslag no. 0-55, Pretoria, Staatsdrukker, 1976.

Raad vir Geestelikes Wetenskaplike Navorsing (Suid-Afrika). Instituut vir Sosiologiese, Demografiese en Kriminologiese Navorsing. Groenewald, D.C. Enkele aspekte van 'n groep jeugdiges se houding jeens dwelmmiddels. Verslag Nr. 5-N-38, Pretoria, Staatsdrukker, 1973.

Suid-Afrika (Republiek). Department of Social Welfare and Pensions. Drug dependence and some of its concomitant aspects in the Republic of South Africa. Publication no. 3 of 1970, Pretoria, Staatsdrukker, 1970.

Suid-Afrika (Republiek). Die Departement van Indiërsake, Alcoholism and Drug Dependence in the Indian Community with particular reference to the survey conducted by the

department of Indian Affairs. Pretoria, Staatsdrukker, 1974.

Suid-Afrika (Republiek). Die Komitee van ondersoek na die misbruik van verdowingsmiddels 1970. Verslag. Pretoria, Staatsdrukker, 1970.

Suid-Afrika (Republiek). Die Nasionale Adviserende Raad oor Rehabilitasie-aangeleenthede. Eerste Verslag vir die tydperk 6 Des. 1971 tot 31 Des. 1972. Pretoria, Staatsdrukker, 1972.

Suid-Afrika (Republiek). Die Nasionale Adviserende Raad oor Rehabilitasie-aangeleenthede. Tweede verslag vir die tydperk: 1 Jan. 1973 tot 31 Des. 1974. Pretoria, Staatsdrukker, 1974.

Suid-Afrika (Republiek). Die Nasionale Adviserende Raad oor Rehabilitasie-aangeleenthede. Derde Verslag vir die Tydperk: 1 Jan. 1975 tot 5 Des. 1976. Pretoria, Staatsdrukker, 1976.

Suid-Afrika (Republiek). Die Nasionale Adviserende Raad oor Rehabilitasie-aangeleenthede. Sesde verslag vir die tydperk: 6 Des. 1981 tot 31 Des. 1983. Pretoria, Staatsdrukker, 1983.

Wette

Die Wet op die Misbruik van Afhanklikheidsvormende Stowwe en Rehabilitasie-sentrums, 1971 (Wet 41 van 1971), Pretoria, Staatsdrukker, 1971.



17 DEC 1987